# Suid-Afrika na dertien jaar (1994 -2007) – met spesiale verwysing na analogieë met Litoue

***South Africa after thirteen years (1994-2007)- with special reference to analogies with Lithuania***

**Alex Antonites**
Departement Filosofie, Universiteit van Pretoria.
Alex.antonites@up.ac.za



Alex Antonites

| | |
|---|---|
| **Alex Antonites** is professor in die Departement Filosofie aan die Universiteit van Pretoria. Sy spesialiteitsgebiede is Wetenskapsfilosofie, Wysgerige Antropologie, Bio-etiek in besonder Dierebewussyn en Diere-etiek en Middeleeuse Wysbegeerte. Sy wetenskapsfilosofiese belangstelling fokus tans sterk op die Evolusieteorie. Verskeie referate is gelewer by nasionale en internasionale kongresse. Insgelyks het talle artikels verskyn in nasionale en internasionale vaktydskrifte. Hy het op die redaksie van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Wysbegeerte* gedien asook *Phronimon*. Hy is lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Filosofie, die Wêreld Fenomenologie Instituut, die Viktor Frankl Instituut en die Seti-League. | **Alex Antonites** is professor in the Department of Philosophy at the University of Pretoria. His fields of speciality are Philosophy of Science, Philosophical Anthropology, Bio-ethics, especially Animal Minds and Animal Ethics as well as Medieaval Philosophy. His Philosophy of Science interest presently focuses on the Theory of Evolution. Numerous papers have been read at national and international conferences; in addition, various articels have appeared in national and international journals. He served on the editorial board of the *South African Journal of Philosophy* and of *Phronimon.* He is a member of the South African Acadamy of Science and Arts, the Philosophical Society of Southern Africa, The World Phenomenology Institute, the Viktor Frankl Institute and the Seti League. |

**ABSTRACT**

***South Africa after thirteen years – with special reference to analogies with the Lithuanian Empire***

*Several analogies exist between South Africa and Lithuania in general and more in particular between the Afrikaans and Lithuanian peoples. The article contains much history in so far as it is relevant to the analogies. Therefore it is not a historical treatment of Lithuania's history as such. Although the main point of comparison is the Empire, modern and contemporary Lithuania is also discussed, but then seen in continuity with the Empire.*

*In both Afrikaner and Lithuanian cultures, the important role of heroes in the past is obvious. In South Africa well known examples are Racheltjie de Beer, Piet Retief, Paul Kruger, General de la Rey and many others and in Lithuania these include Gedeminias, Jonas Basanavicius and Roman Kalanta, amongst others. In times of crisis convergence of expressions are noted between hortatory expressions of, for example, Gedeminias and Voortrekker women.*

*Lithuania is discussed because of its little known qualities. Very few academic studies exist outside Lithuania about Lithuania. This is largely because of the closed Soviet past and a general unfamiliarity with Lithuania. British, Roman, Greek, and other empires are very well known, but very few people are even aware of the existence of the Lithuanian Empire. The late usage of Lithuanian in written works may have played a role in this regard. For the same reason as well as background, a short comparison is drawn between the Lithuanian, Latvian, Sanskrit and Latin languages.*

*It is taken into account that the idea of federalism started very early in Lithuanian history. This can be seen in the relative independence of groups or areas. This seemed to get stronger in the Empire. Although there was no federal constitution in a modern sense of the word, the philosophy of relative independence for various cultural groups just seemed to be spontaneously taken for granted. Even today many Lithuanians are keen to speculate on a federation with Latvia, Estonia, Belo-Russia and the Ukraine.*

*The 14$^{th}$ century constituted the culmination of the Empire under the leadership of Gedeminias. Some disanalogies with the two Boer Republics in South Africa, are that Gedeminias occupied large areas of central and Eastern Europe, while the Afrikaners never strived for an Empire. The analogy consists in the multi-cultural realities of both the Empire and later South Africa. Although simple generalizations cannot be made about empires, a significant correspondence exists between such empires and a contemporary multinational state.*

*Both Afrikaans and Lithuanian people have a high regard for the value of their two languages. The role of the Lithuanian language in the Empire and afterwards varied. In the Empire it did not play a strong normative, let alone constitutive role. Lithuanian was appreciated, as becomes clear from the fact that the Lithuanian people continued to speak it. However, in rustic times before World War I, the top echelons spoke Lithuanian, but preferred Polish above Lithuanian in official and important written works — even in ordinary private correspondence. The analogy with Afrikaners in the Free State Boer republic is striking. Before the Anglo Boer War, in rustic times, the state president, all important officials, and many private citizens, preferred to write and speak English. The moment that oppression and suppression of Lithuanian by the Tsar and the suppression of Afrikaans in the previous Boer republics by British imperialism became evident, a strong awareness of these languages took place among their speakers: the two languages became part of a strong sense of national identity.*

*The Lithuanians were remarkably tolerant in cultural, political and religious matters. Although the Convention of Geneva was still far-off in the future, Gedeminias and many followers applied the rules and spirit of Geneva. The Lithuanians besieged Berlin, and several times Moscow. It was in their power to destroy the cities and people, but they did not do so. And the inhabitants of Berlin and Moscow were treated fairly. Initially Lithuanians comprised about 70% of the Empire but very soon this figure dropped to 30%. Most were Slavic ethnic groups, like Polish, Ruthenian/Ukranian, Belo-Russian, and Latvian. The tolerant spirit in the Empire attracted many Russian principalities outside the Empire as well as many Germans and Jews to settle in the Empire. Never did one hear of ethnic cultural oppression or discrimination. Religious freedom was also highly valued and promoted. The Lithuanians eventually became Roman Catholic, while in the (now) Belo Russia and the Ukraine most were of Russian/Greek orthodox orientation. The Lithuanians even tried to unite the Roman Catholic Church and Greek orthodox churches in the Empire. Jews and Muslims settled voluntarily in the empire – no discrimination was experienced. Some attempts to discriminate were severely dealt with by Lithuanian authorities. I think that this is most remarkable for the 14$^{th}$ and 15$^{th}$ centuries. This tolerance and democratic spirit did not persevere for a very short time only; it was not a whim, but instead this spirit lasted for three ages in the Empire. It was not the outcome of western democratic liberal philosophies. Rather, it is something unique and is still*

*current in contemporary Lithuania where the small Russian population is treated fairly in contrast to Latvia (related to Lithuanian) where a larger Russian population is compelled to learn Latvian. The logo of the Lithuanian and Boer republics is the same.*

*The Soviet era brought about an inauthentic existence among Lithuanians. Russification as in the Tsar's time was repeated, similar to Lord Milner's Anglicizing of Afrikaners after the Anglo Boer war.*

*Contemporary Lithuania still breathes the tolerant spirit of the Empire. Much is to be learned for South Africa. Although not perfect, it shows that respect for culture and identity, can work in a multinational state. Post-Soviet Lithuanians as well as post-apartheid Afrikaans people, seem to find meaning in both national and international values in several areas of life.*

**KEY CONCEPTS:** Lithuanian, national values, international values, authentic existence, cultural diversity, russification, Vilnius

**TREFWOORDE:** Litous, nasionale waardes, internasionale waardes, outentieke bestaan, kulturele diversiteit, russifikasie, Vilnius

**OPSOMMING**

Die Ryk van Litoue sowel as kontemporêre Litoue toon talle analogieë met Suid-Afrika en die Litouers met Afrikaanses. Beide het die afgelope tyd transformasie ondergaan en beide word gekenmerk deur 'n verskeidenheid van kulture. Die Litouse ryk se beleid van verdraagsaamheid ten opsigte van diverse kulture was suksesvol. Die Litouse situasie beklemtoon die belangrikheid van taal en kulturele selfbewussyn. Dit het duidelike parallelle in Suid-Afrika. Sowel Litous as Afrikaans was by tye op die agtergrond, maar albei kulture bly behoue. Die betekenis van 'n nie-outentieke bestaan van Litoue in die Sowjet-era word behandel. Die geldigheid van sowel nasionale as internasionale waardes is by sowel Litouers as Afrikaanses van belang.

## KONTEKS VAN DIE PROBLEEM EN INLEIDING

Dertien jaar van demokrasie in Suid-Afrika is verby. Ondanks talle leemtes en probleme, veral misdaad wat destabiliserend begin inwerk het, sou mens nogtans van 'n redelik stabiele demokratiese bestel kan praat. Sou mens binne die Afrika-konteks na demokrasie kyk en veral die verhouding tussen regeringspartye en die opposisie, dan dui 'n vergelyking met ander Afrikastate, soos Zimbabwe, op 'n baie skerp kontras. Hoe gaan die volgende tien jaar en daaropvolgende jare daar uitsien? Veronderstel dat 'n sentraliserende staatsbestel sou toeneem, en die meer federale stelsel van vandag al hoe meer op die agtergrond gaan verdwyn, sou 'n sterk vorm van die glybaan argument[1] dan van toepassing word?

Om bepaalde filosofiese redes is akkurate voorspellings oor die mens moeilik realiseerbaar. Die teoretiese[2] konteks hier is die verskil tussen natuurwetenskaplike en geesteswetenskaplike

1 Die glybaan argument staan ook bekend as die domino-argument. In Engels is dit bekend as die *slippery slope argument*. Dit hou in dat indien een negatiewe saak toegelaat word om te gebeur, dit geleidelik tot 'n kettingreeks van negatiewe gevolge gaan lei wat uiteindelik katastrofies kan wees. Dit is die spreekwoordelike "gaatjie in die dyk" argument.

2 Teorie of teoretiese verwysingsraamwerk dui op 'n fundamentele raamwerk wat vergelykbaar is met die gedagte van 'n paradigma. Dit behels die basiese veronderstellings, ontologie, metodologie en tegniese van 'n bepaalde perspektief op die werklikheid wat nagevors of bestudeer word. Binne hierdie raamwerk

raamwerke. In natuurwetenskaplike teoretiese verwysingsraamwerke is voorspellings betreklik maklik moontlik. Dit is te danke aan die konstante aard van baie natuurprosesse waar die wet van kousaliteit voorspellings moontlik maak. In klassieke sisteme kan selfs van determinisme gepraat word. Daar is vergelykings waar sowel noodwendige as genoegsame voorwaardes deeglik geld. Veranderlikes kan heel maklik onder beheer gebring word om so voorspellings te vergemaklik. Kom ons by die geesteswetenskappe, is die hoeveelheid van veranderlikes so groot en soveel meer kompleks, dat genoemde beheer moeilik gerealiseer kan word. Hierbenewens geld kwalitatiewe aspekte soos vryheid van wil, besluitnemings en eie denke. Veel eerder kan ons praat van genoegsame voorwaardes as van noodwendige voorwaardes. Wanneer omstandighede of veranderlikes hulself min of meer herhaal, dan kan dieselfde gebeure plaasvind en voorspel word. Neem byvoorbeeld die Groot Trek in Suid Afrika en die trek in die VSA, albei met ossewaens. Anders as by natuurprosesse, wil dit egter nie sê dat indien dieselfde veranderlikes weer sou voorkom, dat daar weer 'n Trek gaan en moet plaasvind nie. Dis nie 'n noodwendige voorwaarde vir 'n trek nie. Wel behels dit genoegsame voorwaardes of veranderlikes. Dit is waar vryheid 'n verskil maak. By die genoegsame voorwaardes, kom herhalende veranderlikes en strukture wel voor.

Juis dit, meen ek, maak 'n mate van voorspellings en analogieë moontlik. (Hierby moet net genoem word dat die saak by die natuurwetenskappe ook nie so eenvoudig is soos wetmatig teenoor nie-wetmatig nie. Sowel by die kwantumteorie as chaos en kompleksiteitsteorie, geld 'n a-kousale situasie sodat ons nie hier van voorspellings in die tradisionele en klassieke sin van die woord kan praat nie.) In die besondere tema van hierdie artikel is die quaestio juris van die twee kante van die analogieë, kulturele identiteit. Die wete van 'n eie identiteit en selfbeeld lê grootliks aan die wortel van baie gebeure en menslike handelinge; dit raak gebeure van self-beskikking by die individu, maar ook kulture; verder het dit ook 'n invloed op die verstaan van verhoudinge tot ander individue en kulture. Dit beïnvloed ook jou keuses van waardes en die rigting wat jou handelinge gaan inslaan. Hier sien die kultuurfilosoof McClean (1991:23) die persoon en groep as die konkrete eenhede, terwyl hy kultuur as 'n meer "formele" faktor sien. Dit alles behels 'n basiese ingesteldheid van hart en gees, maar ook die uiterlike verskyningsvorme van die ingesteldheid, naamlik bepaalde instellings van 'n kultuur, ja selfs ook artefakte wat geskep word. Dus, waar persone in groepe mekaar ontmoet, word die self-identiteit van hul lede, die besef van die identiteit van elke groep – en so alle interaksie tussen groepe – wesenlik (maar nie uitsluitlik nie) bepaal deur die kulture (Ibid). Hierby gaan saam dat kulturele entiteite se geskiedenis en tradisies nie dieselfde is en kan wees nie. Die kulturele dimensie in die lewe van 'n gemeenskap is die konteks van sy bewussyn en van dit wat die kultuur uit historiese en hedendaagse ervaring leer.

Dit konstitueer sy besondere manier van hoe so 'n kultuur besondere uitdrukking gee aan die betekenis en waarde van menslike bestaan. Dit is die teoretiese konteks waarbinne analogieë tussen Litouers en Afrikaners/Afrikaanses moontlik word. Binne hierdie konteks kan dit ook gelegitimeer word. Die artikel wil wys hoe juis dit duidelik raakgesien kan word by sowel Litouers as Afrikaners/Afrikaanses.

Die konteks van vergelyking tussen Suid-Afrika en Litoue kan as volg toegelig word: kulturele diversiteit in een gebied; die spesifieke kulture van Afrikaners/ Afrikaanses[3] en Litouers; die

word gegewens of sake geïntersepteer en/of verklaar. Dit dui op hoe die wetenskaplike sy/haar wêreld sien. Dit maak dat bepaalde afleidings, argumente en analogieë of strukture sin uitmaak. Mens sou kon sê die teorie is primêr iets hermeneuties. Dit geld sowel natuur- as geesteswetenskappe. Hiermee word die positivistiese verstaan van teorie as slegs 'n hoër vlak van natuurwetmatigheid of 'n versameling van natuurwette afgewys.

3 Die artikel maak dikwels gebruik van die terme *Afrikaner* en *Afrikaanses*. Afrikaanses omvat Afrikaner maar nie andersom nie. Afrikaners is mense wat hul identifiseer met kultuur-historiese waardes soos

teenwoordigheid van oorheersende en relatief groot kulture; albei spesifieke kulture in bevolkingsgetalle is relatief klein. Suid-Afrika sowel as die destydse Litouse Ryk is kenmerkend divers: polities, kultureel, taalmatig, godsdienstig en sosiaal. Tog verskil die Baltiese state Litoue, Letland en Estland met Suid-Afrika in talle opsigte. Dis juis wat analogieë moontlik maak: ooreenkomste te midde van verskille en verskillende kante van 'n vergelyking. Die twee kante (Litoue en Suid-Afrika) is twee verskillende entiteite. Hul is nie identies nie. Dis egter die bestaan van heelwat analogieë wat van waarde kan wees vir beide, maar veral vanuit Litoue na Suid-Afrika. Die analogieë sal mens ook in staat stel om albei kulture beter te kan verstaan. Die bevolkingsgetal van Afrikaanses enersyds en Litouers en Lette andersyds, is min of meer dieselfde. Albei het te doen gehad met Ryke wat as bedreigings ervaar is: vir Afrikaanses was dit die Britse Ryk en vir Litouers die Russiese Ryk of Tsaardom en later die Sowjet Imperium. By al twee was daar 'n groot verandering van politieke filosofie/ideologieë; by albei was dit 'n vreedsame maar bestuurde revolusie. Ons fokus val meer op Litoue aangesien die leser uiteraard meer vertroud is met die Suid-Afrikaanse situasie.

'n Mens kan 'n probleem hê met die gedagte van "lesse" uit die geskiedenis. Hierdie probleem spruit voort uit 'n verstaan van natuurwetmatighede eie aan natuurwetenskappe. Ek het reeds aangedui dat die raaksien van analogieë en moontlik voorspellings op ander gronde berus as natuurwetenskaplike wetmatighede. Wanneer ons dus kyk na 'n hele aantal analogieë wat voorhande is ten opsigte van Litoue en Suid-Afrika, dan kan mens tog wel veel daaruit leer, insigte verkry en selfs moontlike tendense aandui. Suid-Afrika met sy kulture word vir die eerste keer blootgestel aan die wêreld soos nooit tevore nie. Baie dinge wat geslote of onbekend was, gaan oop. In ons eeu word die ontmoeting van kultuur en mense meer intens as ooit tevore: algehele anonimiteit en afgetrokkenheid tot mekaar, is nóg haalbaar, nóg wenslik. Die hedendaagse besef van die "global village", intensiveer die moontlikheid en selfs ook behoefte om met kultuur, naby en ver, te skakel. Die kultuurfilosoof McClean redeneer dat self-identiteit en wedersydse interaksie met mekaar in vryheid en verantwoordelikheid groei van die mens se persoonswees bevorder:

> ….self identity in interaction with each other, of the auto constitution of the human person in free and responsible interchange. Hence growth in self-knowledge and self identity is now required if we are to move from a passive posture of patience to a positive search and assimilation of additional views drawn from the experiences of others and to wield them into the complementary systemic relations required for modern living. (Mclean 1991:234)

Kommunikasie en interaksie tussen mensegroepe vind nie net met die naasliggende plaas nie, maar ook al hoe meer met diegene wat verafgeleë is.

Oor kulturele diversiteit in Suid-Afrika en elders is reeds baie geskryf. Die omgekeerde egter geld wat Litoue betref. Behalwe enkele populêre werke soos reisartikels en andere, is daar weinig tot niks in Suid-Afrika oor Litoue geskryf nie. Daar sal later gewys word op die bykans totale onbekendheid van Litoue – laat staan nog die Ryk van Litoue. Tog meen ek dat daar juis insigte uit

---

byvoorbeeld die Groot Trek, die Anglo-Boere Oorlog, en nog meer. Bruin Afrikaanses gaan hul nie noodwendig hiermee identifiseer nie, hoewel dit hul vry staan om dit te doen en dit ook kan gebeur. Hul deel 'n gemeenskaplike taal met Afrikaners. Dis baie waarskynlik dat Afrikaanses, veral bruin Afrikaanses, mettertyd ook ander waardes met Afrikaners begin deel. Dit kan so mettertyd verdere inhoud kry soos wat blyk uit albei wat in meer as een opsig saamwerk en groepeer rondom sake soos erkenning deur die owerheid op sosiale en andere gebiede, demokrasie en andere. Ook hier kan taal mettertyd meer waarde as net 'n spreektaal kry. Afrikaanses is dan veral mense wat sedert 1994 meer bekend begin word het. In die artikel sal die twee terme Afrikaners en Afrikaanses dienooreenkomstig gebruik word, dit is soos wat dit in 'n betrokke situasie en tyd van toepassing is.

die Litouse konteks ontgin kan word, wat as analogieë waardevolle lig kan werp op Suid-Afrika en meer in besonder op die Afrikaner en Afrikaanses se situasie. 'n Probleem in die Suider-Afrikaanse konteks is of die Afrikaanse kultuur (en andere inheemse kulture) uiteindelik nog gaan oorleef in 'n moontlik dominante Engelse taalkultuur. Geld die glybaan argument (*slippery slope argument*) hier? Indien dit sou blyk dat Afrikaans as taal en kultuur in vergelyking met byvoorbeeld Engels agteruit beweeg, sou dit dan 'n domino-effek ten gevolg kan hê? Dit is dan die uiteindelike effek wat dui op die ondergang van die Afrikaanse kultuur. Naas ander aspekte kan hier veel uit die Litouse situasie geleer word.

**KULTURE EN IDENTITEIT**

In Suid-Afrika ken ons kulture, maar ons praat ook gereeld van gemeenskappe :

> Culture and community are closely linked, indeed partly overlapping, concepts. Communities generate cultures, while cultures are matrices within which communities are formed. Cultures to be sure are broader in scope than communities. A culture or cultural area may embrace many communities, and thus within cultural areas particular communities may develop sub-cultures. Particularly when they reach sufficient size, cultures may harbour qausi-imperialistic impulses vis-à-vis lesser configurations. Accordingly, cultural conflict is hardly a rare phenomenon, and often is waged via conflict between communities. (Peachy 1991: 13,14)

In 'n kultuur is die verskynsel van volkshelde nooit afwesig nie. Al gebeur dit soms deur eeue heen dat die helde se rol en optrede oordryf kan word en dat selfs mites rondom die heldefiguur mettertyd gebou kan word, word hul konstituerende betekenis behoue vir en binne bepaalde kulture. Mites moet nie noodwendig as iets negatiefs geëvalueer word nie, en ook nie net verstaan word binne 'n wetenskapsfilosofiese konteks en wel as onwetenskaplike verklarings nie. Hier gaan dit ook nie om verklaring nie. Mites dra by tot die verstaan van die self van mense van 'n bepaalde kultuur. Mites kan belangrike waardes verteenwoordig en iets belangriks meedeel, mits dit natuurlik nie imperiale oogmerke ontwikkel ten opsigte van ander kulture nie. In die Afrikanerkultuur en -geskiedenis is die verhaal van Racheltjie de Beer 'n goeie voorbeeld. Hoewel nog meer navorsing hieroor gedoen sal moet word, begin dit al hoe meer lyk asof die historisiteit van die verhaal nie bevestig kan word nie. Indien wel, begin dit as 'n soort "mite" te funksioneer, maar 'n baie waardevolle en kultuurverrykende mite of verhaal. Hierdie verhaal dra by tot die uitdrukking van watter waardes in die Afrikanerkultuur as belangrik geld. Terugwerkend versterk dit die verstaan van die self.

Die lewensverhaal van volkshelde, as 'n besondere sterk uitdrukkingsvorm van hoe lewe en bestaan gesien word, word simbole van die deugdelikhede van hul kulturele tradisie; dit roep die lede van die kultuur op tot 'n steeds nuwe bewus wees van die eie kultuur se aantreklikheid. Op sy beurt roep dit weer skeppende uitdrukkings op van sy transformerende vermoë, en dit roep weer riglyne op vir toekomstige handelinge. By Litouers is dit duidelik met Gedeminas, Vytautas, Jogailia, Jonas Basanavicius en Roman Kalanta. By die Afrikaner sien ons dit by mense soos Piet Retief, Andries Pretorius, Generaal de Wet, Paul Kruger, Koos de La Rey en andere.

Die Litouse volkslied (in Afrikaans vertaal) se eerste vers wat gekomponeer is deur Vincas Kurdirka in die 19de eeu, maak goed gewag van volkshelde. Let op die laaste reël:

*Litoue, my tuisland, land van helde!*
*Laat jou kinders krag put uit die verlede.*
*Laat jou kinders slegs die weg van deug volg,*
*Werk ter wille van die welsyn van hul tuisland en vir die hele mensdom.*

Nie net die appèl van die toekoms nie, maar ook die verlede, is 'n belangrike komponent van enige kultuur: Wanneer die verlede nie langer ter sake is nie en selfs nie meer as werklik beskou word nie, verander omtrent alles in kulturele bestaan: oriëntasies verander en wel so dat oriëntasies 'n niksheid of 'n lugleegte kan word – veral indien die verlede bloot en slegs as 'n reeks van feite beleef word, elk met sy eie gedetailleerde konkreetheid. Só 'n gedetailleerde konkreetheid beteken dat jy vasgevang is in 'n patroon van omstandighede wat lankal nie meer geld nie, asook in 'n patroon van handelinge wat vandag weinig effek het, vrugteloos en onvanpas begin word – indien nie onregverdig en selfs tiranniek nie:

> In reality what we have seen is that cultural traditions differ from history precisely in being not a series of concrete facts, but their effect on human consciousness and freedom as people respond to history, draw out its lessons and progressively articulate a sense of meaning of life which is distinctive to their people. (McClean 1991:27)

Ons sal sien dat dit soms by sowel Litouers as Afrikaanses voorgekom het, veral waar taal ter sprake was.

## WIE IS DIE LITOUERS EN LETTE?

Van wie praat ons as ons praat van Litoue, Litouers of Letties en Letland? Hierdie twee kulture en lande is nie net onbekend in Suid-Afrika nie, maar dis baie onbekend. Die onbekendheid geld ook in talle ander plekke wêreldwyd. Akademiese publikasies oor Litoue is relatief min. Die Amerikaans-Litouse akademikus, Aleksandras Shtromas (1988:1-2) wys op twee ensiklopediese werke omtrent Litoue. Die eerste is in die Sowjetera uitgegee met ’n sterk klassiek-marxistiese inslag:

> Where it was the *Encyclopedic Survey* the first book-length publication containing comprehensive information on Lithuania in English, its value, despite the inevitable Soviet-style shortcomings, would be quite considerable. But this is not such a pioneering work: Six volumes of *Encyclopedia Lituanica* were published in Boston, Mass. (Juozas Kapoèius publisher) during 1970-1978, presenting a much more truthful and balanced view of Lithuania’s history and culture.

Genoemde tweede werk is volgens Shtromas veral vir diegene wat geïnteresseerd is in die offisiële staatsinstellings van Litoue en hoe hul funksioneer (Ibid). Litoue het vandag ’n bevolking van 3,596,617. Neem ons dit saam met die bykans 3 miljoen Lette van Letland, dan het ons 6,600,000 wat goed vergelyk met omtrent 5,700,000 Afrikaanses in Suid-Afrika. Naas Afrikaanses is daar 9,163,892 Zoeloes, 7,196,287 Xhosas en 3,457,467 Engelsprekendes in Suid-Afrika (Uys 2007: I, 4). Naas Litouers (82%) is daar kleiner getalle Pole (6.7%), Russe (6.3%), Wit-Russe (1.2%), Lette en Jode. 1.9% Litouers is Protestants en omtrent 81% Rooms-Katoliek.

Die min werke oor Litoue kan aan historiese faktore toegeskryf word wat betref taal en politieke redes. Albei word in hierdie artikel aangespreek. Een histories-politieke rede is dat die Litouers en Lette twee volke en kulture is wat vir ’n baie lang tyd geslote was vir die buitewêreld, deurdat hulle sedert die Tweede Wêreldoorlog nie net agter die “Ystergordyn” geleë was nie, maar nog meer: hulle het republieke van die USSR[4] geword. Soos met die ander republieke van die Sowjet Unie,

---

[4] Die USSR staan vir *Unie van Sosialistiese Sowjet Republieke*. Ook bekend as die Sowjet Unie.

byvoorbeeld Wit-Rusland,[5] Kazakstan en Turkmenistan, was die Baltiese state so te sê heeltemal onbekend. Wanneer daar by wyse van uitsondering na Litouers in Suid-Afrika verwys word, is hul as "Russe" gesien. Selfs na die eerste onafhanklikheid was min bekend van Litoue, aangesien die Baltiese state nog nie prominent na vore getree het nie.

Voor die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n mate van emigrasie uit Litoue en wel van Joodse Litouers na Suid-Afrika.[6] Talle van hulle hier het 'n belangrike rol gespeel, soos byvoorbeeld Sammy Marks. Selfs tóe was hul Litouse herkoms vaag of onbekend in Suid-Afrika. Hierdie artikel wil daarom 'n bydrae lewer deur die onbekendheid grootliks ter syde te stel en dit bevat dus heelwat agtergrond, tabelle en kaarte. Sou hierdie artikel oor byvoorbeeld Switserland en nie Litoue gehandel het nie, was dit 'n heel ander saak en sou dit kwalik nodig gewees het. Die artikel gaan egter nie 'n algemene beskrywing wees van die geskiedenis en geografie van Litoue nie, maar gaan na Litoue kyk vanuit die perspektief van die artikel se hoof beklemtonings.

Litoue is soos Letland en Estland drie Baltiese state in Europa (kyk Figuur 10)**.** Soos Baskies, is Litous en Letties nie net baie ou tale nie, maar argaïes. Litous en Letties (kyk Figuur 2,3 en 4) is verwante tale en die twee kan mekaar tot 'n mate redelik goed verstaan. Daar was 'n derde verwante taalgroep naamlik die Pruise. Hul het uitgesterf en Pruise in Duitsland is 'n herinnering aan die antieke Littous-verwante taal- en kultuurgroep. Litous en Letties is nie Slawiese, Germaanse of Romaanse tale nie, maar 'n taalgroep in eie reg. Dis wel deel van die Indo-Europese taalfamilie. Daar is heelwat antieke Griekse en Latynse invloed teenwoordig, soos byvoorbeeld in die woordeskat gesien kan word. Antiek Indies, dit wil sê Sanskrit (kyk Figuur 3), konstitueer omtrent 40% van Litous en Letties. Esties, die taal van die ander Baltiese staat in die noorde, Estland, is geensins verwant aan Litous of Letties nie, maar baie nou verwant aan Fins, Samojeeds en Hongaars.

Die Litouers (asook die verwante Lette) se voorgeslagte is die antieke Griekse en antieke Indiese-Sanskrit kulture. Soos hul voorgeslagte die Grieke en Indiërs, het hul die donder, son en maan vereer, asook bome en slange. Anders as die res van Europa het die wiel van die tyd baie stadiger vir Litoue en Letland gedraai. So was Litouers die heel laaste kultuurgroep om gekersten te word. Die Litouers is die "Sarasene" van die noorde genoem. Baie Christen kruisvaarders het Litoue verkies bo Palestina vir militêre aanvalle. Met groot wreedheid is Litouers aangeval wat vergelykbaar is met die aksie van die Spaanse *conquistadores* teen die Asteke en Mayas van Meksiko*:* baie Litouers wat hulle nie wou "bekeer" nie, is fisies geëlimineer. Die aanslag van die Teutoonse knegte het 200 jaar geduur. Die helfte van die bevolking is uitgewis, maar Litoue oorleef! Nie net het Litoue nie verdwyn nie, maar die groot Litouse Ryk het oor omtrent die hele hedendaagse Oos Europa gestrek en was die grootste staat in Europa.

---

5 Die Wit-Russe van Wit-Rusland se taal is verwant aan Russies, en hul kan mekaar oor en weer redelik goed verstaan. In Russies en Wit-Russies is hul bekend as *Belo-Rus* en in Engels *Belo Russia*. Na onafhanklikheid in 1991, het die staat 'n sterk outokratiese regeringsvorm ontwikkel met 'n sterk gesentraliseerde staatsgesag. Litoue oefen sterk invloed op Wit-Rusland uit om te demokratiseer.


6 Outeur self se grootouers het Litoue verlaat voor die Eerste Wêreldoorlog. Hulle was egter Rooms Katoliek. Van omtrent 100,000 Jode in Litoue is die meeste tydens die Nazi besetting van Litoue in die Tweede Wêreldoorlog geëlimineer sodat dat daar vandag omtrent net nog 300 Jode oor is in Litoue.



**Figuur 1:** *Waar Litoue in Europa en die wêreld is*
Uit : Lithuania, Wikipedia Free Encyclopedia





**Figuur 2**




**Figuur 3**





**Figuur 4**




**Figuur 5:** *Litoue in 1000*
Uit: Perry Castaneda Map, University of Texas Library, Online Files




**Figuur 6:** *Litoue in 1270*
Uit: Perry Castaneda Map, University of Texas Library, Online Files




**Figuur 7:** ***Litouse Ryk in 15de Eeu***
Uit: Perry Castaneda Map, University of Texas Library, Online Files




**Figuur 8:** ***Litouse Ryk 1478***
Uit: Perry Castaneda Map, University of Texas Library, Online Files




**Figuur 9:** *Pools-Litouse Ryk 1701*
Uit: Perry Castaneda Map, University of Texas Library, Online Files

**DIE RYK VAN LITOUE**

Die meeste mense in Suid-Afrika is in ’n mindere of meerdere mate vertroud met die Romeinse, Macedoniese (Alexander die Grote), Britse, Franse, Russiese en Portugese Ryke. Feitlik niemand is egter daarvan bewus dat daar so iets soos ’n Litouse Ryk bestaan het nie.

Die eerste mense in Litouse gebied was 10,000 jaar VC. Dit was pas nadat gletsers teruggetrek het vanweë die toe heersende Ystydperk. Vanaf 8000 word die klimaat warmer, bosse begin groei en mense alhier begin sampioene en bessies te pluk asook om vis te vang. Bosse is tot vandag toe belangrik in Litoue. Die “waarneming van ligte” in bosse was deel van die antieke natuurgodsdiens van die Litouers. Tot vandag toe is daar enkele Litouers wat steeds “ligte waarneem” in bosse. Litoue is 'n bosryke land. Die voorgeslagte van die Litouers was deel van die Indo-Europese groep wat Europa binnegekom het vanaf gebiede suid van die Wolga. Hul het hul teen 2,500 VC gevestig by die Nemenrivier area waar Litoue vandag geleë is (kyk Figuur 1 en 10). Die Litouers wat toe Lits genoem is, het mettertyd begin vorm kry as 'n etniese eenheid. Hul het handel gedryf eers met die antieke Grieke en toe later met die Romeine. Die vroegste verwysing na die Lets of Litouers is in die historikus Tacitus se werke. Hy beskryf die Litouers as hardwerkend en goeie boere, jagters en vissers. Hierna is die eerste keer wat na die Litouers in geskrewe vorm verwys word, in die Duitse manuskrip van 14 Februarie 1009 NC , die Kronieke van Quedlinburg . Die Litouers, Lette en Pruise was van dieselfde argaïese taalgroep. Die Pruise het in die 18de eeu uitgesterf. Hul nagedagtenis word vereer met die naam Pruise as deel van Duitsland.

Die buurstaat Pole had sedert die 11de eeu noue historiese bande met Litoue. Pole was reeds in 966 as ’n herkenbare territoriale eenheid teenwoordig toe die eerste histories gedokumenteerde regeerder gedoop is. Min inligting is egter beskikbaar oor hierdie periode ten opsigte van Pole en

Litoue. Litoue was in dieselfde tyd gefragmenteer in talle klein state. Die Swart Dood 1347-1351 wat Europa so geteister het, het Pole en Litoue verbygegaan. Die Goue Horde, Mongole en Tartare (Turkssprekend) het Litoue en Pole vanuit die Ooste bedreig. Daar was aanhoudende oorloë. Vanuit die Weste het ’n militêr–godsdienstige Teutoonse orde wat in Noord Duitsland gevestig was, Litoue en Pole ook bedreig. Hul het oorgegaan om Letland en waar Estland vandag is, te beset om sodoende daarvandaan Litoue binne te val. Suid was daar die Turkse Ottoman Ryk en in Europa die Heilige Romeinse Ryk.

Reeds voordat die Litouse Ryk ontstaan het, het Litoue 'n heelwat groter grondgebied beslaan (kyk Figuur 5 en 6 ) as die hedendaagse Litoue (kyk Figuur 10). Litoue was in die 12de eeu ’n los federasie van klein prinsdomme. Hierdie prinsdomme was relatief onafhanklik van mekaar, sodat dit nader aan 'n konfederasie was as 'n federasie. Hierdie federale gedagte moes redelik sterk teenwoordig gewees het in die Litouse gemoed want ons sien dat dit dwarsdeur die Litouse Ryk wat hierna volg, loop. Dis egter nie 'n federale staat in die moderne sin van die woord nie. Ons kan dus nog nie praat van 'n federale parlement nie. Ons is in die 12de eeu waar edelmanne die leidende politieke rol gespeel het. Hul gesag en mag was oorerflik. Juis daarom is vir 'n pre-moderne Ryk in die feodale tydperk, talle aspekte sowel as analogieë met Suid-Afrika so treffend. Die eerste groot Litouse veldheer en held, prins Mindaugas, slaag daarin om hierdie losse federasie in 'n nouere eenheid saam te snoer. Hy slaag ook daarin om die Litouers te verenig onder sy heerskappy. Om politieke redes (bedreiging van Duitse Teutone in Weste) versoek hy om in die Christendom gedoop te word. So “aanvaar” hy die Christelike geloof saam met enkele familie en vriende in 1250 of 1251. Hy word gedoop met 'n koninklike kroon wat gegee is deur Pous Innocentius IV en deur die biskop van Kulm in 1253 (3) gedoop. Die Pous willig graag in tot die doop, aangesien dit die Christendom en pouslike mag in Oos Europa, veral Litoue, sal vestig. Hy was bewus dat Litoue geheel en al nie-Christelik was. Mindaugas het ook om politieke redes in 1262 weer teruggekeer tot die “heiden” godsdiens. Sy familie en vriende volg hom weereens hierin.

Dis veral aartshertog Gediminas wat hierna in 1316 Litoue stewig polities en militêr vestig. Die Litouse Ryk kom tot stand. Vanaf 'n klein volkie ontwikkel die Litouers tot die sterkste volk in Europa in die 13de,14de en 15de eeue. Sedert die begin van die 12de eeu, verower Litoue heelwat grondgebied. Die Ryk van Litoue het ’n baie groot deel van Oos Europa beslaan (kyk Figuur 7 en 9). Rowell (1994: 201) stel dit so dat die Litouse Ryk onder Aartshertog Geminas uiteindelik meer Russiese grondgebied besit het as die prins van Moskou! Hier het mens nie ’n analogie nie, maar ’n disanalogie met Afrikaners en Suid-Afrika: die twee Boererepublieke het nooit ’n wêreldryk geword nie en het dit ook nie beoog nie. So ook Suid-Afrika. Die latere deelname van Afrikaanses aan die interne politiek van Suid-Afrika toon wel iets van ’n analogie. Die Litouse Ryk kan wel vergelyk word met ander ryke soos dié van antieke Masedonië. Soos wat Alexander die Grote die groot veldheer en leier van die Masedoniese Grieke was, so was Gediminas die opperbevelhebber en leier van die Litouse Ryk en magte. Gediminas stig talle stede en dorpe. Hy voer ook heelwat Duitse koloniste in wat heelwat Duitse invloed laat geld het. In sy tyd (14de eeu) bereik die Litouse Ryk ’n hoogtepunt (kyk Figuur 7 en 9).

Daar was elke nou en dan aanslae op die Litouse Ryk van buite en die Ryk moes voortdurend teen aanvalle verdedig word. Gediminas brei die Ryk suksesvol uit na die ooste, hoofsaaklik Slawies sprekende (Russies, Wit-Russies, Oekraïenies, Pools) gebiede.[7] Hy voer as veldheer suksesvolle

---

[7] Die volgende gebiede en hul name verdien verheldering soos Wit-Rusland by Voetnoot 5) hierbo. In die tyd voor en met Gediminas was daar ’n groot Slawiese gebied oos van Litoue en Pole bekend as *Kievan Rus*. Oekraïne, Wit-Rusland het nog nie bestaan nie. Vandag se Oekraïne en Wit-Rusland, die Prinsdom van Novgorod, die Suid westelike gebied met Volhenië en Rutenië en die groot Prinsdom van Moskou was deel van *Kievan Rus*. Kief (vandag die Oekraïne se hoofstad) was *Kievan Rus* se hoofstad en die

veldslae teen die Tartare en Russiese prinsdomme. Na die Weste voer hy ook 'n stryd teen die Teutone en verslaan hul by Witonia in 1336 en weer in 1340. Hy was 'n sterk volgeling van die nie-Christelike "heiden" godsdiens. Reeds hier sien ons die demokratiese ingesteldheid van die Litouse gees. Hoewel 'n sterk yweraar vir die Litouse natuurgodsdiens, gee hy algehele vryheid aan die Christelike godsdiens. Laasgenoemde vestig hul nie net in die Litouse Ryk nie, maar kon ook bekeerlinge werf soos hul wil. So kom vestig die Dominikaanse en Franciskaanse ordes hul in Vilnius.

In so 'n tyd waar bedreiging van buite die eie kultuur ervaar word, is dit merkwaardig dat konvergente uitdrukkings totaal onafhanklik van mekaar, maar in analogiese omstandighede kan ontstaan. Voortrekkervroue sê dat hul eerder kaalvoet oor die Drakensberge sal trek, as om weer onder Britse bewind te val. Toe 'n vyandige aanval op die Litouse Ryk ook onstuitbaar voorgekom het, het Gediminas gesê: "*Yster sal eers was moet word, en water sal eers in klip moet verander, voordat ons sal terugval*." Hierdie stryd om behoud, moes logies bygedra het tot 'n sterk nasionale besef, al is dit so dat die Litouse taal nog nie 'n sterk normatiewe betekenis gehad het nie. Nog 'n konvergente analogie sien ons in die onderskrif van die Litouse wapen en dié van die ZAR en Vrystaatse Republiek maar ook later Suid-Afrika. Dit is *Tautos jaga vienyba je*! wat beteken "*Die sterkte van die nasie is eenheid"*! Die ZAR, Vrystaatse republiek en Suid-Afrika is : "*eendrag maak mag*", "*ex unitate vires*". Litouers het inderdaad onder Gediminas en daarna begin saamstaan.

Olderd volg Gediminas op en hy weer deur sy seun Jogalia (Jagello). Nie net het die Litouers hulself en die Litouse Ryk verdedig nie, maar militêr ook tot die offensief in Europa oorgegaan – na die weste sowel as ooste. Veral onder leiding van Algirdas, het voorste Litouse magte weswaarts deurgedring tot in Brandenburg en Berlyn. Berlyn is egter nie deur Litouse magte verwoes nie. Berlyn was toe 'n klein stad omring met moerasse, wat dit moeilik gemaak het vir invalle van buite. Hierna het Gediminas se magte onder leiding van sy seuns as generaals ooswaarts beweeg in 'n offensief en deurgedring tot by die stad Moskou. Hul het Moskou drie keer omsingel, beleër, maar soos met Berlyn, ook besluit om dit nie te vernietig nie – hoewel hul kon. Die Litouse militêre magte het met hul Moskou-offensief veel beter gevaar as dié van Napoleon en Hitler in latere tye. Die Litouers was tevrede met 'n mate van onderdanigheid deurdat die Russe skatpligtigheid moes betaal. By sowel Berlyn as Moskou sien mens duidelik iets van die Litouse toleransie wat in die Ryk mettertyd beslag gekry het. Wat dit meer merkwaardig maak, is dat dit by Litoue reeds in die 13de tot 15de eeue voorkom ten spyte daarvan dat die Konvensie van Genève nog nie bestaan het nie. Die Litouers het dit inderdaad in beginsel toegepas.

Die Litouse Ryk was uiteindelik nie net baie groot wat grondgebied betref nie, maar het nie net uit Litouers bestaan nie. Daar was ook groot gemeenskappe uit ander kulture soos Pole. So was die Slawies-sprekende deel (veral Pools) van die Litouse Ryk selfs toentertyd heelwat groter as die Litousprekende deel (Venclova 1994:10). Die *Lettiese* stamme net noord van die eintlike Litoue, was ook Litous-verwant, maar was meeste van die tyd buite die Litouse Ryk geleë. Mettertyd het hul taal effens verander (kyk Figuut 2) en in latere tye 'n aparte identiteit en bewussyn ontwikkel wat later uitloop op die staat Letland.

---

dominante sentrum. *Kievan Rus* het bestaan vanaf 880-middel 12de eeue. Tussen 980-1015 bereik *Kievan Rus* sy hoogtepunt met prins Vladimir die Grote. Die swaartekrag van *Kievan Rus* verskuif ook vanaf Kief na Novgorod. Hierna verbrokkel *Kievan Rus* met die Tartaarse en Mongoolse aanvalle. Novgorod word onafhanklik, terwyl Volhenië en die gebied wat nou as Oekraïne bekend staan, deel word van die Litouse Ryk. Lg. twee gebiede se Slawiese taal was reeds besig om in Oekraïnies te ontwikkel. Ruteens is vir alle praktiese doeleindes Oekraïnies. Die Noord Ooste met Moskou as sentrum, se Slawiese taal ontwikkel tot Russies, terwyl die Slawies van Novgorod en die gebied net oos van Brest- Litovsk, ontwikkel tot Wit-Russies.

*Samogitia* is deel van Litoue wat binne die Ryk relatief onafhanklik was. Vandag is Samogitia 'n provinsie van Litoue. Samogitiaans is vandag 'n dialek van Litous.




**Figuur 10:** *Litoue deel van die Russiese Ryk van die tsaar 1809*




**Figuur 11:** *Litoue as deel van die USSR (Sowjet Unie) 1974*
Uit: The University Atlas, 1974, George Phillip & Son Ltd; Londen




**Figuur 12:** ***Litoue vandag as onafhanklike staat***
Wêreld-Atlas vir Suid-Afrikaners, Jonathan Ball Uitgewers, Johannesburg

Beisinger (Stanford Universiteit) meen dat mens nie as gevolg van oppervlakkige sieninge op die geskiedenis, ten opsigte van die begrip "Ryk", veralgemenings moet maak nie (2005:3). Hy is negatief krities dat ons van die USSR as die laaste Ryk in die wêreld kan praat (*Ibid*). Net so is multinasionale state en globale of regionale heerskappye nie intrinsiek dieselfde as antieke ryke nie (*Ibid*:5). Inderdaad kan mens induktief ook nie deur eeue in Europese geskiedenis eenvoudige veralgemenings maak vanweë die diverse geopolitieke, kulturele situasies en agtergronde nie. Mens sou dus nie 'n reguit lyn sonder meer kan trek vanaf die Romeinse Ryk na die Russiese Ryk van die Tsaars nie. Dit beteken egter nie dat ooreenkomste wel geïdentifiseer kan word nie. Tewens Beisinger (2005:13) meen dat die grens tussen Ryke en multinasionale state nie te skerp getrek kan word nie en dat die grense selfs heel vloeibaar is. Juis dit maak die raaksien van analogieë nie net moontlik nie, maar ook sinvol. Filosofies gesproke dui 'n analogie op ooreenkomste tussen entiteite wat andersins verskillend van mekaar is. In die fisika is daar die analogie van golwe van die see en iets heel anders naamlik materie, gesien as golwe. Analogieë verskil van metafore (wat in 'n sekere sin ook analogieë is) deurdat dit raakgesien en vasgestel kan word. Metafore is meestal die uitkoms van iets kreatief. Dit word nie vasgestel nie, maar geskep en dan toegepas. Sowel analogieë as metafore speel 'n baie belangrike heuristiese rol in sowel natuur- as geesteswetenskappe.

## LITOUSE VERDRAAGSAAMHEID

In die drie eeue van die Ryk, was daar lang periodes van "rus" waar oorlog afwesig was. Dit het bygedra tot 'n relatief stabiele regeringsopset. Ons het reeds genoem dat die Litouse Ryk nie net uit Litouers bestaan het nie. Aangesien multikulturele diversiteit in Suid-Afrika en elders in die wêreld vandag 'n aktueel en soms selfs akute kwessie soos in Litoue was, ontstaan die vraag heel gou wat die tussen-etniese en tussen-kulturele verhouding in so 'n multi-kulturele Ryk was. Merkwaardig dat in so 'n premoderne tyd, waarvan 'n groot deel die Middeleeuse tydperk behels het, die Litouse Ryk gekenmerk was deur kulturele, politieke en godsdienstige verdraagsaamheid. Ons het reeds iets

gesien van die Litouse toleransie by die Litouse beleëring van Berlyn en Moskou. Hierna het die verdraagsaamheid staatkundige beslag gekry totdat dit 'n kenmerk van die Ryk geword het, wat buite sy grense bekend geword het. Tewens die toleransie was een van die mees bewonderenswaardige kenmerke van die Litouse Ryk. Selfs meer as die hardnekkigheid waarmee Litouers hul land verdedig het. Hoewel 'n mens nog nie van 'n deeglike konstitusionele regeringstelsel kan praat nie, het Litoue tog wel in sy regeerstyl 'n rudimentêre demokrasie ontwikkel.

Nadat die Ryk gevestig was, was die Litouers nie meer die enigste etniese groep in die Ryk nie. Met die aanvang van die Ryk het Litoussprekende mense 70% van die bevolking uitgemaak. Met die uitbreiding van die Ryk na die ooste, was dit so 50% en uiteindelik so 30%. Teen die middel van die 16de eeu was daar 'n bevolking van 3 miljoen waarvan net 'n derde Litouers was. Slawiese tale was in die meerderheid (Wikipedia). Die Litouers het die Ryk regeer maar dan met die genoemde verdraagsaamheid. Die Litouers het die diversiteit nie net erken nie, maar ontgin as 'n bate vir die Ryk. Dis duidelik dat diversiteit (kultureel, godsdienstig, polities en moontlik ook ekonomies) as 'n feit en nooit as 'n besonderse probleem hanteer is nie. Dit was veel eerder aanvalle van buite (wat mense in die Ryk ook saamgesnoer het) wat 'n probleem en krisis was. Gediminas het Dominikaanse en Franciskaanse ordes toegelaat om hul in Vilnius te vestig. Vilnius is tot vandag toe nog die hoofstad. Die Rooms Katolieke godsdiens word die meerderheidsgodsdiens in die Ryk. Knegte, handelaars en kunstenaars is van oorsee toegelaat om hul te vestig. Almal kon hul eie godsdiens beoefen en alle rites en gebruike is gerespekteer. In hierdie bloeityd is Moslem en Joodse gemeenskappe gevorm in Litoue, wat ook vrylik hul godsdiens kon beoefen. Nog sterker: enige aanvalle op Joodse of Moslem gemeenskappe is met geweld onderdruk deur Litouse owerhede. Dis daarom nie verrassend dat Litoue ook groot getalle individuele Russe gelok het vanaf hul geïsoleerde en "hardhandig" (outokraties en outoritêr) regeerde land, om hul in Litoue te vestig nie. Talle Russiese hertogdomme het hul vrywillig by die Litouse Ryk aangesluit, veral omdat hul daar militêre sekuriteit ervaar het. Hulle was onder sterk druk en bedreiging van die Tartare en Mongoolse invallers uit die ooste. Die grootste gedeelte van Kievan Rus[8] word deel van die Litouse Ryk. Dit het ook Rutenië[9] ingesluit. Selfs Tartaarse nedersettings word in Litoue toegelaat. Dieselfde geld die Karain by Trakai en Vilnius. Jode het hul meestal by Brest en Hrodna gevestig. Duitsers wat aanvanklik as handelaars na Litoue gekom het, se getalle neem nie net toe nie, maar hul vestig hul ook in Litoue. Litoue word Inderdaad 'n multikulturele staat.

Soos genoem, was die Litouers almal Rooms-Katoliek na die bekering tot die Christelike geloof. Die enkele uitsondering was die skatryk magnaat, Mikolaj Radziwill wat 'n Calvinis was en wat ander ryk en magtige Litouse magnate gelei het. Die Russiessprekende en Oekraïniese[10] sprekende dele van die Litouse Ryk (oa. Kiëf Tsjernikof), was anders as Litouers Grieks Ortodoks. Hul is toegelaat om so te bly, terwyl die Samogitiaanse[11] deel van die Litouse Ryk toegelaat was om met hul natuurgodsdiens voort te gaan. Hierdie Litouse verdraagsaamheid op meer as een gebied, het sigself geadverteer, sodat genoemde vrywillige aansluitings by die Ryk plaasgevind het en wel deur nie-Litouse bevolkingsgroepe. Daarom is die Litouse ryk 'n voorbeeld wat 'n bydrae kan lewer tot toleransie alhier. Die Litouers het ook kerklike ekumene bevorder deur kerklike eenheid tussen Rooms Katolieke en sekere Grieks Ortodokse kerke te bewerkstellig. Hul[12] verklaar die Litouse Ortodokse kerk met sy metropool Kiëf, onafhanklik van die patriargaat van Moskou. Hul wou reël dat die Litous Ortodokse Kerk in die oorspronklike Litouse hartland van die Ryk, nie op sy eie bestaan nie, maar deel sal word van die Rooms-Katolieke Kerk. Dit sou dan egter die Slawiese ortodokse rites kon behou. Dit is 'n

8 Kyk Voetnoot 7 hierbo.

9 Kyk Voetnoot 7 hierbo.

10 Die Oekraïne het as staat nog nie bestaan nie, maar die etniese groepe en taal het reeds begin vorm. Oekraïniërs, Wit-Russe en Russe sal mekaar oor en weer kan verstaan.

voorstel tot kerklike eenheid wat baie kontemporêr klink. Hoewel dit nie geslaag het nie, toon dit die Litouse benaderingswyse van nie net verdraagsaamheid nie, maar ook groter en nouer samewerking en selfs eenheid.

Indien dit nie deel was van die Litouse gees nie, kon diversiteit andersins in die Ryk ontaard het tot 'n gevaarlike vulkaan wat omtrent alles in puin kon lê. Angola se burgeroorlog is 'n voorbeeld van so 'n gebeure. In Suid-Afrika is en hoef diversiteit nie as sodanig 'n probleem te wees nie, maar as feit erken te word. Anders is die moontlikheid van rassekonflik, religieuse onverdraagsaamheid, konflik asook kultuurwrywing en stryd altyd op die agtergrond.

Duisende Teutone het hul mettertyd in Litoue gevestig. Die eerste president van die nuwe Litoue in 1994, Vytautis Landsbergis, se voorgeslag was 'n Teutoonse kneg. Hul het gekies ten gunste van Litoue (Venclova 1994:9). Die Italiaanse, Duitse, Franse invloed op Litoue was baie groot. Soos by die Afrikaner was hierdie tussen-kulturele kontak tot groot heil en bloei. Omgekeerd was ook die Litouse invloed in Europa nie gering nie. So byvoorbeeld is die wapens van Litoue, die *Vytis*, die wit perderuiter, te vinde op die vestings van Nancy in Frankryk. Sy argaïese taal het 'n kultuurverskynsel geword soos Bret en Provensaal in Frankryk.

Tog was nouer skakeling moeilik met Europa. Litouers is vir 'n baie lang tyd in Wes-Europa gesien as woeste en onbeskaafde mense. Hul is aldus genoem die "Sarasene van die Noorde". Afrikaners is voor, tydens en na die Tweede Vryheidsoorlog ook deur Britse propaganda beskryf as woeste, onbeskaafde en onderontwikkelde mense. Dit is weereens 'n analogie. Kort voor Gediminas se dood, het Franse en Duitse magte Litoue binnegeval en die Pilenai kasteel beleër. Dit het 'n waarlike Masada van Litoue geword. Die Litouse magte kon die beleëring nie beëindig of daaruit ontsnap nie en pleeg toe almal met vuur selfmoord. Hierdie legendariese gebeure is so sterk in die Litouse geheue ingegrif, dat dit as 'n Jungiaanse idee van kollektiewe bewussyn as geldig beskou sou kan word. Dit verklaar hoe 'n 19-jarige student Roman Kalanta, hom in 1972 (in die Sowjet era) uit protes aan die brand gesteek het. Dieselfde liefde, vryheid en onafhanklikheid motiveer die Litouse jeug wat hul in die Litouse parlementsgebou toegesluit het kort voor onafhanklikheid aangebreek het (Venclova 1994:10).

"Heiden" helde is vandag nog baie "lewendig" in Litoue en word steeds vereer. Litouers gee hul kinders eerder hierdie "heiden" name, soos Algirdas,Vytautas, Aldona as die name op die kalender van Christelike heiliges. Die songod *Šaulis* leef vandag nog baie sterk voort as 'n son op omtrent elke Litouse kruis binne of buite kerke, asook in die stad Šiauliai. Litoue is eers baie laat gekersten. Die Teutoniese knegte wou maar kon dit nie met geweld regkry nie. Veel eerder het die "stille" maar baie sterk invloed van die Poolse kultuur en godsdiens (ook Rooms-Katoliek), uiteindelik die nodige effek gehad (Ibid:11). Tot vandag toe is Litouers 98% Rooms-Katoliek. Die kerstening van Litoue het Gotiese, Renaissance en Barok styl kerke na Litoue gebring wat enige ander Europese stad eer sou aangedoen het. Die Universiteit van Vilnius het van die beroemdste in Europa geword. Czeslav Milosz, graduandus van Vilnius Universiteit en Nobel pryswenner in letterkunde, noem homself die laaste burger van die Groot Hertogdom Litoue.

In 1384 was die Poolse prinses Jadvyga (Duits: *Hedvig*) troonopvolger van Pole. Omdat sy te jonk was om as 15-jarige te regeer, was die Litouse prins Jogaila aartshertog wel bereid om met haar te trou en so 'n politieke konneksie met Pole te beklink. Met die huwelik word die Christendom meer amptelik na Litoue gebring. Dit was ook om ander politieke redes: Soos die Pole was Jogaila vyandig teenoor die Teutone. Poolse ondersteuning sou goed te pas kom as 'n natuurlike bondgenoot. Pole

---

[11] Kyk Voetnoot 7 hierbo.

[12] Of dit teologies gesien die regte manier is dat die politieke owerheid kerklike eenheid behoort te proklameer is 'n ander saak. Feit is egter dat die Litouse owerheid op 'n bepaalde tolerante manier gedink het.

was ook deur die Teutone bedreig. Jogaila se neef Vytautas word nie net een van Litoue se grootste veldhere nie, maar voer hierna suksesvolle veldtogte teen sekere Russiese hertogdomme, onder meer Novgorod, maar veg ook teen die Tartare.

Na die samesluiting van Litoue en Pole, behou albei 'n relatiewe onafhanklikheid sodat mens eerder van 'n konfederatiewe regeringsvorm as federatiewe kan praat. Litoue was egter drie keer so groot soos Pole. Kultureel was die Pole ietwat verder ontwikkeld as Litouers (byvoorbeeld geletterdheid) , maar die nouer skakeling met Pole bring Litoue sterker in kontak met die Westerse beskawing. Teen 1492 was daar 'n mate van verdeeldheid tussen Pole en Litoue. Die Teutoonse bedreiging sowel as die van Tsaar Ivan III (Ivan die verskriklike) bring die twee egter bymekaar. Hul sluit te Lublin in 1569 'n ooreenkoms om so 'n sterker eenheid te vorm. Die gevolg is dat die Statebond van Litoue-Pole gevorm word. Elk bly relatief onafhanklik, met 'n eie administrasie, geldstelsel, parlement en selfs leërs. Die Litouse parlement het bekend gestaan as die *Seimas* (tot vandag toe) maar het indertyd bestaan uit adel grondeienaars wat 12% van die bevolking uitgemaak het. Joodse Rade kon ook nou enkele verteenwoordigers kies na die *Seimas*.

## LITOUS AS KULTURELE ANKER

Deur die eeue van die Litouse Ryk asook daarna was Litouers sterk taalbewus gewees, tot minder bewus tot feitlik geen bewus wees nie. Anders gesê: Litous het nie vanselfsprekend 'n normatiewe kulturele gesag onder Litouers gehad nie. By tye was Litous net as minder relevant beleef. Tydens die Litouse Ryk, waar Litoussprekendes die leiers was, was Litous as taal nie juis baie sterk teenwoordig as 'n nasionale waarde nie. Dit het as't ware ontbreek aan kulturele "substansie". Daar was geen bewys van sterk Litouse nasionalisme in die Ryk nie. Edelmanne wat van plek tot plek beweeg het binne die Ryk, het die lokale taal, tradisies en plaaslike godsdienste aangeneem.

Litouers was vir 'n betreklik lang tyd nog nie eksplisiet taalbewus nie. Litous het by tye teenoor die ander tale soos Pools in die Ryk selfs sekondêr gefigureer. Litous het ook nog nie die status van 'n geskrewe taal in die Ryk (en nog lank daarna) bereik nie. Daar is dus eintlik geen Litouse en andere werke oor Litoue self geskryf nie, laat staan nog behoue gebly vir die nageslag. Amptelike dokumente is in 'n Slawiese taal, veral Pools gedoen. Gevolglik het Litouse identiteit vir 'n lang tyd onduidelik gebly. Daar moes egter 'n geringe mate van selfbewussyn gewees het, aangesien Litous gepraat is en ook vanweë die Litouse militêre teenwoordigheid. Teen die einde van die 18de eeu het die kenmerkende Litouse kultuur op die agtergrond geskuif. Die Litouse taal, wanneer dit by tye sterk op die agtergrond geskuif het, het homself nie juis gehandhaaf nie.

Dit het 'n aanleiding gehad in die "verpoolsing" van die Litouse adelstand. Dit was veral na 1413 toe 47 Litouse edelmanne die wapenskild van 47 Poolse lyne aangetrek het, dat 'n geleidelike "verpoolsing" van die Litouse elite gevolg het. Die sterker Poolse kultuur en taal, het die effek gehad dat Litous verlaag is tot slegs 'n taal van die kleinboere. Pools, Ruteens[13] en Latyn het ook die taal geword van die Litouse kanselary. Kommunikasie met die Weste is in Latyn gedoen. In 1697 vervang Pools Ruteens as kanselary taal in Litoue.

Die gekombineerde Ryk van Litoue-Pole het hierna geleidelik van die landkaart verdwyn (Ibid:11). Hierna val Litoue onder die totalitêre "beskerming" van tsaristiese Rusland (kyk Figuur 11). Met dat die Litouse Ryk tot 'n einde gekom het, het 'n lang tydperk van Russiese oorheersing begin. Die tsaars het 'n streng beleid van russifikasie gevolg in skole, universiteite en staatsdepartemente. Wat hier gebeur het, vorm 'n duidelike analogie met Lord Milner se verengelsingsbeleid na die Tweede Vryheidsoorlog in die gebiede waar die twee Boererepublieke was.

In Litoue was dit juis in hierdie tydperk dat die eerste werke in Litous gepubliseer is. Hierdie werke was egter deur die bank religieus van aard. Die "hoër" lae in die Litouse samelewing, het

hoewel hul heelwat waardering gehad het vir hul Litouse oorspronge, nie Litous gebruik nie, maar die Poolse taal aanvaar en gebruik. Poolse invloed was baie sterk. Vilnius[14] die hoofstad van Litoue het mettertyd die Poolse metropool van Litoue geword. Dit het so gebly tot nie te ver van die eerste Litouse onafhanklikheid in 1919 nie. Met sy een epiese gedig het die Poolse Tadeusz sentrale Litoue as die geestelike tuiste van die Poolse volk besing. Die bekende Wêreldoorlog veteraan Veldmaarskalk Pilsudski, is nie net naby Vilnius gebore nie, maar wou 'n federasie tussen Pole, Litoue en die Oekraïne bewerkstellig in die na-oorlogse periode. Hierdie state was weer onafhanklik na die Eerste Wêreldoorlog.[15] Poolse invloed sou waarskynlik die oorheersende wees. Laasgenoemde twee was nie hiervoor te vinde nie. Litoue het Vilnius na die Eerste Wêreldoorlog herower, maar dis kort daarna weer deur Pole beset. So bly dit tot en met die Tweede Wêreldoorlog.

Ten opsigte van die sterk Poolse invloedsfeer in Litoue, is daar 'n verdere en duidelike analogie met die twee Boererepublieke – laasgenoemde voor die Tweede Vryheidsoorlog en eersgenoemde voor die eerste onafhanklikheid: Die analogie met Litoue in hierdie tydperk ten opsigte van veral die onafhanklike Vrystaatse Republiek voor die Tweede Vryheidsoorlog is treffend. Die "hoër" lae in die samelewing, insluitende President MT Steyn en sy familie, baie staatsamptenare, onderwysers en andere, het nie Nederlands/Afrikaans gebruik nie, maar Engels in sowel amptelike as persoonlike skrywes. Hieruit kan geleer word dat in bepaalde rustige politieke omstandighede, die eie taal (Afrikaans en Litous) nie verag is nie, maar 'n ander taal (Engels en Pools) as van hoër waarde en status beskou is. By sowel Litoue as die Vrystaatse Republiek is hierdie analogie teen die einde van die 19de eeu teenwoordig.

Die analogie gaan verder as Afrikaners/Afrikaanses: sprekers van swart tale in Suid-Afrika het tot sover verkies om op hoër, dit wil sê, sekondêre en tersiêre onderrigvlakke, Engels te praat en nie Zoeloe, Xhosa of Tswana nie. Tuis en in die alledaagse omgang, het hul geen probleem om hierdie inheemse tale te praat nie. Dit is waar dat daar nog te min akademiese boeke in swart tale in Suid-Afrika beskikbaar is, maar die klimaat by hierdie sprekers is nog duidelik teen die gebruik van Xhosa of Sesotho op "hoër" vlak. Daar is tog tekens van verandering. Die tale word tog wel reeds op enkele "hoer" vlakke gebruik, byvoorbeeld radio, televisie en vergaderings, onder meer in die parlement. Verder het dit ook die status van amptelike tale verkry. In Suid-Afrika sou die tale van swart kulture nie amptelike tale kon word indien hul nie reeds geskrewe status bereik het nie. Moedertaalonderrig het nie net in KwaZulu-Natal groot stukrag gekry nie, maar word tans ook amptelik landswyd op primêre skoolvlak vereis, al is daar nie genoegsame moedertaalonderwysers en boeke beskikbaar nie. 'n Groot deurbraak in die verband is die Universiteit van Pretoria se besluit in Mei 2007 om ook Sepedi as onderrigtaal aan hierdie universiteit te erken.

Hoewel nie op dieselfde wyse as die twee Boererepublieke nie, het die twee state Litoue en Pole hul onafhanklikheid verloor vanaf 1815 en deel geword van die tsaar se Russiese Ryk. Insgelyks het die twee Boererepublieke hul onafhanklikheid verloor en deel geword van die Britse ryk vanaf 1902 met die Vrede van Vereeniging. In 1914 breek die rebellie teen Britse bewind uit, terwyl die Rebellie deur Litouers en Pole tussen 1830-1831 en weer 1863 teen die Russiese tsaar-bewind uitgebreek het. In die Russiese Ryk was die resultaat van die Pools-Litouse rebellie dat repressie van sowel Litouse

---

13 Kyk Voetnoot 7 hierbo.

14 Die Pole het gepraat van Wilna en nie Vilnius nie. In die *Eerste Afrikaanse Skoolatlas* van A.K. Bot en P.J. Kloppers in die 1925-uitgawe, word Vilnius ook as Wilna aangedui (Kyk bl. 21, 26 en 27). Dit weerspieël die kultureel-politieke situasie na Wêreldoorlog I baie goed, toe Vilnius aan Pole oorgedra is.

15 Oekraïene se onafhanklikheid na die Eerste Wêreldoorlog was van baie korte duur. Enkele jare na die Bolsjevistiese Revolusie van 1917, is die Oekraïene ingeskakel in die USSR en word dit 'n Sowjet Republiek.

as Poolse kulture toegeneem het. Die Universiteit van Vilnius is gesluit en ’n reëling volg dat Russies die enigste taal in Litouse skole mag wees. Insgelyks in Pole. Die talle biografieë oor Madam Curie in Pole vertel insiggewende verhale van russifikasie in Poolse skole. In Litoue is vanaf 1865-1904 wel toegelaat dat Litouse boeke en artikels gepubliseer mag word, mits dit in die Cyrilliese alfabet gedoen word, wat die Litouers nie verstaan het nie. Boeke met die Latynse alfabet is wel ingesmokkel vanuit Duits Oos-Pruise (Daar word later verwys na Basanavicius en *Ausra)*.

Tydens die Eerste Wêreldoorlog is Litoue deur Duitsland verower. Litouers het hulself onafhanklik verklaar maar dit het eers van krag geword na die onttrekking van Duitse troepe. In April word ’n nuwe konstitusie van ’n onafhanklike Litoue aanvaar. Kaunas was die hoofstad, aangesien Vilnius deur ooreenkoms deel van Pole geword het.

Ons het verwys na Basanavicius. Sy werk ten gunste van Litous en Litoue het resultate opgelewer. In die latere 19de eeu tot met die eerste onafhanklikheidswording in 1919, het daar vir die eerste keer ’n mate van opflikkering in die Litouse kultuur en taal ontstaan. Al was die taalbewussyn en nasionale bewussyn dikwels swak teenwoordig, het die mense nie opgehou om Litous te praat nie. Dit het kontinuïteit met die verre verlede gekonstitueer en gewaarborg. Andersins sou daar nie nou in die moderne en kontemporêre tyd ’n herlewing kon plaasvind nie – daar sou niks wees van waaruit ’n herlewing moontlik sou wees nie. Litous het vanweë die “verpoolsing” van die Litouse adel ’n klein boeretaaltjie geword. Naas Basanavicius, het Maironius baie moeite gedoen om Litous nie net te moderniseer nie, maar ook te laat herleef as taal.

Nadat Litous weer tot eie reg gekom het in die openbare lewe van Litoue na onafhanklikheid, het Litous as ’n taal ontwikkel met ’n mate van Poolse invloed soos gesien kan word in talle Poolse woorde, maar om een of ander rede met Italiaanse afeindigings. Afrikaans is insgelyks ook deur Engels naas andere beïnvloed. So iets is nie altyd ’n negatiewe invloed nie, mits een taal nie tot die ander gereduseer word nie.

Dieselfde vraag kom juis vandag dikwels na vore wat Afrikaans betref: gaan Afrikaans oorleef in die nuwe bedeling? Dis ook so dat Afrikaans wyd gepraat word. Dis miskien nog meer belangrik in Namibië. Hoewel dit amptelik min erkenning geniet teenoor Engels, lyk dit asof Afrikaans dinamies bly en sy teenwoordigheid in Namibië handhaaf. Dieselfde vraag sou ook ten opsigte van die swart kulture se tale in Suid-Afrika gevra kon word. Hoewel die mense van hierdie kulture meestal Engels verkies as dit by akademiese en ’n “hoër” vlak gebruik kom, soos in die staatsdiens, word dit steeds wyd gepraat. In Litoue was daar min dinge gedoen of wat gebeur het in hierdie tyd wat Litouse kultuur bevorder het, maar die waarde van taal is tog al hoe meer besef as konstituerend vir nasionale identiteit en selfbewussyn.

Tydens die Russiese oorheersing en pogings tot russifikasie in skole en staatsdiens, is Litouse denkers, filosowe en andere al hoe sterker deur die filosofie van die Romantiek beïnvloed, veral die Duitse filosoof Herder. Litouers het begin om hulself as ’n taal-kulturele entiteit te sien en te beleef. Met Herder sien hul hulself as ’n kulturele, politieke lewende organisme. Al hoe meer het die gedagte gegroei dat Litoue net lewend kan word en so gehou kan word as daar ’n gemeenskaplike taal is.

Ons sien dat die Romantiek se idee van taal en so die Litouse taal as die siel en bestemming van Litoue byval vind onder Litouers. Hierdie sterker Litouse taalbewussyn kom duidelik na vore by Sinnas Sakauntas, historikus en taalkenner, wat meen dat die “oer- kenmerke” van nasies primêr deur taal bepaal word. Alleen deur die Litouse taal weer te laat herleef en te koester, kan Litoue (wat “uitgeval” het uit die geskiedenis) weer terugkom in die geskiedenis. So kry ons ’n verdere analogie met Afrikaanses deurdat daar nou in Litoue ook ’n taalbeweging ontstaan wat vergelykbaar is met die Afrikaanse taalbewegings. Weereens min of meer in dieselfde tyd.

Die feit dat Indo-Europese taalkenners van buite Litoue in hierdie tyd ook in Litous as taal geïnteresseerd begin raak het, was ’n belangrike bron van trots onder Litouers. Litous en Letties is inderdaad twee lewende argaïese tale.

## VOOR EN NA WÊRELDOORLOG I

Die tweede grootste denker en held van die 19de/20ste eeue in Litoue, was Jonas Basanavicius. Hy was redakteur van 'n ondergrondse koerant *Ausra (*Die Skemer*)*, wat in 1883 tot stand gekom het, maar ingesmokkel is in die Tsaristies-Russies beheerde Litoue. Die koerant het altyd 'n Latynse byskrif gehad wat lui: *Homines historianum ignorai semper sunt pueri* wat beteken *mense wat die geskiedenis vergeet, bly vir altyd kinders*. Hy beweer dat Litoue soos 'n pasiënt is na 'n psigo-analitiese behandeling wat sy historiese ervaring moet integreer met en mediteer oor suksesse en angste in die verlede. So sal Litoue weer lewend word en sal hy weer 'n soewereine subjek word. Basanavicius was erg geïrriteerd dat so baie mede-Litouers nie veel gepla is deur taal of nasionale bewussyn nie en altyd tot die beskikking en wil was van die storms wat waai in die geskiedenis. Tog het Basanavicis se ideaal van herlewing posgevat.

Toenemende getalle van Litouse graduandi aan Russiese, Poolse of Westerse universiteite, kom terug na Litoue en sluit hul aan by die toe nasionale gevoel en beweging. Ons het reeds gewys op die feit dat Litouers eerder Pools gebruik het en die analogie met die Vrystaatse Boererepubliek en Engels. 'n Belangrike gebeure vind nou plaas: Litoue word in 1919 vir die eerste keer sedert die Litouse Ryk weer 'n onafhanklike staat.

Basanavicius was een van die Litouers wat die *Litouse Deklarasie van Onafhanklikheid* geteken het. By die aanvang van die nuwe onafhanklike Litoue was Litouers 'n landelike bevolking sonder eie skole, koerante of literêre werke. Om te verander, sou Litouers van 'n nie-historiese bestaan na 'n historiese bestaan moes verander. Dit sou nie oornag gebeur nie, want Litouers se gees, tradisies, kulturele fisiognomie was nie van die antieke Litouse Ryk nie. Ons moet onthou dat die Litouse Ryk omtrent vyf eeue gelede tot 'n einde gekom het! Die gevoel van kontinuïteit met die Litouse Ryk was by tye nie altyd sterk nie.

Die Poolse taal was nog steeds dominant (Ibid:12). Anders as by die Afrikaanses wat wel Afrikaans as geskrewe taal naas Engels benut en gebruik het, sien ons hoedat die afwesigheid van taalbewussyn en sy literêre gebruik vir eeue na die Litouse Ryk politiek-kulturele implikasies vir Litoue gehad het. Litous het egter nie verdwyn nie. Die kontinuïteit met 'n Litouse belewenis van taal het tot 'n mate behoue gebly, maar dit was nie iets wat deurgaans as iets prominent beleef is nie en het ook nie altyd prominent gefigureer nie. Dit was wisselend op die agtergrond.

Litoue se politieke geskiedenis sou waarskynlik anders verloop het indien die afwesigheid van taal en taalbewussyn prominent was. (Kyk McClean 1991) Dit toon egter ook dat ten spyte van die "afwesigheid" in die geskiedenis en ook van die geskiedenis, 'n taal en kultuur nie sommer verdwyn nie. Dieselfde geld Afrikaans in die Vrystaatse Boererepubliek. (Vergelyk die glybaanargument hierbo). Dit toon egter ook hoe belangrik die geskrewe taal en geletterdheid in nasiebou is. Veral in die hedendaagse tyd kan demokrasie moeilik oorleef sonder die geskrewe taal en geletterdheid. Nie net in die staatsdiens nie, maar by kommunikasie, selfs op paaie en spoorweë, asook tegniese stelsels van allerlei aard, is geskrewe taal noodsaaklik. Dis noodsaaklik vir 'n meer kritiese en beredeneerde denke en daarmee saam 'n oop demokratiese styl. Dis belangriker as 'n nie-geskrewe styl wat meer op visuele indrukke (wat ook belangrik is) gebaseer is.

Enkele demokratiese hervormings tree in die eerste onafhanklikheidsverklaring in werking: grond van groot landgoed word onteien en herverdeel onder kleinboere. Hierdie grondhervorming was aanvanklik suksesvol, maar teen 1930 verlaat baie kleinboere hul plase om werk te soek in stede.

Die Nazi's beset Litoue in opmars teen Rusland in 1941 tydens die Tweede Wêreldoorlog. 165,000 Litouse Jode word uitgewis asook omtrent 40,000 Litouers word óf gedood óf gedeporteer na Siberië of afgeleë gebiede van die Sowjet Unie.

## SOWJET ERA : NIE-OUTENTIEKE BESTAANSWYSE

Na 22 jaar van onafhanklikheid was Litoue, Letland en Estland tussen 1941 en 1945 onder Nazi Duitse besetting. In 1945 is daar weer Sowjetoorheersing. Soos Letland, Estland, Kazakstan, Kirgistan of Oesbekistan, word Litoue nou die *Litouse Sosialisties Sowjet Republiek (LSSR)*. (Kyk Figuur 12) Aanvanklik vind pogings plaas by talle Litouers om die breuk te heel met die Litouse Ryk. Dit is kort voor lank in die kiem gesmoor deur die Sowjetunie. So iets is as ’n *bourgeoisie* filosofie beskou wat nie in belang van die staat (Sowjetunie) is nie. Nog meer: Stalinisme en Breshnevisme het ingrypende diskontinuïteit met die Litouse Ryk gebring. Litoue val weer grootliks terug uit die hoofbaangeskiedenis. Pogings tot die sosialisering (kommunisme) van die individu, het deels gelei tot depersonalisasie (Kuzmickas 1994:23). Dis hoe Litouers dit beleef het. Na 1945 tot 1990 was die Litouse Kommuniste Party (tak van die KPSU Russiese Kommuniste Party) die enigste party wat toegelaat is en wat aan verkiesings kon deelneem. Alle privaatbesit, veral plase, is verbied. Dis vervang met groot staatsbeheerde plase. Meeste kerke word gesluit. Sedert 1950 is daar relatiewe kalmte. (Kyk later die filosoof Donskis se beskrywing van die “kalmte”). Daar het wel ’n snelle industrialisasie plaasgevind. Dit was ook hoë prioriteit soos elders in die Sowjetunie. Instroming na stede verander ’n grootliks agrariese lewenswyse. Nuwe industriële werkers sluit ook in talle Russe en ander Sowjet burgers. Laasgenoemde was egter veel minder as wat dit in Letland en Estland was. Opstand kom van tyd tot tyd voor.

Volgens Donskis (1994: 3-5) het die geskiedenis in die Sowjetera stilgestaan vir omtrent 50 jaar: “Die totalitêre regime was gerugsteun deur progressiewe mites en eskatologiese beelde; alles was gerig op ’n toekoms wat vorentoe helder skyn; dit het ’n “onbetwyfelbare verhewenheid” gehad wat pretendeer om enige opoffering in die hede te regverdig asook enige misdaad deur enigeen wat die heelal wou “verbeter”; terselfdertyd was dit duidelik vir Litouers dat hierdie toekoms maar ’n herhaling van die hede gaan wees; die Sowjet was ’n te groot mag wat Sowjetwaardes bo Litouse waardes kon vestig; nie almal in die massas sal alle bevele uitvoer nie en individue sal na vore kom wat “onaangepas” is en geëlimineer sal moet word om sodoende die pad van obstruksie oop te hou (Ibid).

Binne so ’n Sowjet ideologiese raamwerk, was die teenwoordigheid van die Litouse geskiedenis uiters beperk. Tewens, die verlede het ’n gevaarlike gebied geword om binne te gaan, dit is “besmet met virusse” wat in staat is om in ’n oomblik almal wat “swak” is en by wie dit ontbreek aan voldoende weerstand om hulself “te beskerm”, te besmet. Daarom moet dit voortdurend skoongemaak en geherstruktureer word. Gevolglik is dit nie goed om historiese gebeure en individue te onthou nie, dis wel goed om talle antieke terme uit die nasionale geheue te verwyder, of om hul materieel te vernietig, of straatname of sulke visuele “tekste” soos kerke te verander of te verwyder (vrylik vertaal uit Venclova 1994:7,8). Die analogie met die Milner-era se houding teenoor Afrikanergeskiedenis en taal is duidelik. Daar is selfs ’n mate van analogie met enkele hedendaagse geskiedkundige visies en werke wat eensydig ten opsigte van die Groot Trek en Boererepublieke aangebied word. Die disanalogie met die Sowjetera is egter dat die sake hier bespreek, beredeneer en moontlik later selfs verbeter of opgelos kan word. Daar kan selfs geprotesteer word. In die Sowjetera was dit buite die kwessie, soos gesien kan word met die virus gedagte. In die LSSR is ’n patroon van russifikasie en repressie gevolg sodat alle boeke of werke wat as skadelik vir die Litouse Kommuniste Party, Marx, Lenin en Stalin beskou is, verbied of verbrand is. Volgens Klemensa Sincevicius:1 is dit gedoen deur die *Sentraal Litouse Publikasieraad vir die Bewaring van Militêre en Staatsgeheime* (*Glavit*) wat weer nou verbind was met die LSSR se *Raad van Ministers*. *Glavit* onttrek of vernietig: in 1941 is 1,118,542 boeke onttrek en 3,092,568 publikasies vernietig; tussen 1944-1956 het *Glavit* 7,343,683 publikasies óf onttrek óf vernietig; 31% hiervan had ’n religieuse inslag (Ibid). Dat dit alles bygedra het tot ’n inoutentieke bestaanswyse, is voor die hand liggend.

Bogenoemde bestaanswyse kom ook tot uitdrukking in die geskiedskrywing binne die LSSR. 'n Goeie voorbeeld is die historiese werk *Lithuania: an Encyclopedic Survey* met Jonas Zinkus as redakteur. Alexandras Shtromas (1988, Universiteit van Salford) evalueer dit as volg :

> This is an early, though rather minor, example of the role of political *diktat* in the presentation of history. The subordination of history to Marxist-Leninist ideological and Soviet political requirements dramatically increases with Lithuania's history progressing to more modern times. The whole history of Lithuania's fight for national and religious freedom since the country's incorporation into the Russian Empire in 1795 is presented as basically a class struggle of workers and peasants against the feudal landlords and the bourgeoisie who were protected and supported by the oppressive tsarist Russian autocratic regime.

Kenmerkend word die rol van die USSR as baie positief en opbouend in die historiese gebeure ingelees: "According to the authors, 'the closer ties with the Russian democratic and, subsequently, socialist culture' had a decisive positive effect on this struggle (1988:105). 'Influenced by the peasant movement and the Russian revolutionary democratic thought, a new revolutionary democratic current, advocating agrarian revolution, was taking shape,' especially after the 1830-31 uprising had been defeated" (Ibid).

Die opstand van 1863 word volgens Shtromas (1988:1-2) skeef voorgestel as 'n agrariese revolusie, terwyl die nasionale waardes en bewussyn wat die eintlike substansie en dryfkrag agter die opstand was, volledig geïgnoreer word. Ook die rol van godsdiens en die Rooms-Katolieke Kerk in Litoue word nie net onderspeel nie, maar geïgnoreer:

> The determined struggle of the Lithuanians to maintain their Roman Catholic faith against the Russian imperial regime's attempts at spreading Russian Orthodox Christianity in Lithuania is ignored by the authors altogether. Accordingly, the Lithuanians' organized defiance of the Russian authorities' orders to close some Catholic churches, which culminated in the notorious Massacre of Kražiai (1893), is omitted from their historic narrative, although it represents one of the most important highlights of Lithuania's (in this particular case, successful) resistance against Russian imperial rule.

Kleiner groepies soos die revolusionêre demokrate se rol word vergroot asof dit die hoofstroom Litouse politiek was. Insgelyks word die Litouse Raad (Taryba) wat 'n alliansie van talle groepe was, en hul beywer het vir Litouse onafhanklikheid, wanvoorgestel as 'n bondgenoot van die tsaar (Ibid).

Die Sowjetinval en verowering van Litoue na die Molotof-Ribbentrop ooreenkoms, word voorgestel as 'n populêre sosialistiese revolusie; die Litouse Kommuniste Party word geïnterpreteer as die kern en leier van die revolusie. In werklikheid het die besetting niks met 'n interne revolusionêre beweging te doen gehad nie:

> The period of Lithuania's independence (1918-1940) is portrayed in a similar vein, representing the usual Soviet travesty of historical truth. 'The leading force of the working people in their struggle against bourgeois oppression was the Communist Party of Lithuania' ... Operating from the underground, the CPL was not numerous but its influence with the masses was substantial. (1988:124) Accordingly, the Sovietization of Lithuania in 1940 had nothing to do with the Soviet occupation of the country but was the logical result of an indigenously-launched socialist revolution. In the words of the authors, 'internationally and internally isolated, deserted by the army, shocked by the disarray of the government, the Lithuanian bourgeoisie alone could hardly

> confront the revolutionary proletariat and its allies. A possibility arose for peaceful advancement of the socialist revolution. The CPL was the leader of the revolution, its driving forces being the working class and the poverty-stricken peasants. (1988:128)

Merkwaardig genoeg, het daar soms tog iets van ’n erkenning deurgeglip van Sowjet repressie. Shtromas verduidelik dit egter as volg:

> The ambivalent treatment by the authors of Stalin’s mass repressions against Lithuanians is another peculiar feature of the book. They are either presented as excusable excesses in the application of basically correct and necessary measures, or entirely ignored. For example, the mass deportation of June 1941 is described as follows: ‘Just before the Great Patriotic War some of the counter-revolutionary elements were deported from Lithuania; as the political situation was extremely complex, these measures in some cases were mistakenly applied against innocent people’ (1988:131). On the other hand, nothing at all is said directly about the numerous post-war deportations executed on an even more massive scale than that of 1941, except for a rather obscure hint at ‘violations of socialist legality and collective farm democracy’ that took place during 1945-51 and ‘constituted a setback for socialist construction’. This hint is then immediately qualified by a statement according to which ‘the errors were being corrected and shortcomings eliminated’. (Ibid)

Kuzmickas (van die Instituut vir Filosofie, Vilnius) redeneer dat wat nou hier tydens die Sowjetera gebeur het, ten nouste verband het met ’n aanslag op kulturele waardes. Nou het Litouers ’n belewenis van ’n nie-outentieke bestaan, omdat ’n outentieke vervulling van volksbestaan gedwarsboom word deur ’n nie-outentieke en valse aanwending van energie en menslike vermoëns. Dit lei prakties in die alledaagse lewe tot ’n nie-outentieke tydsbenutting. Hierdie ervarings se inhoud moes eintlik eerder gestileer wees deur die waardes en ideale van die Litouse kultuur (Kuzmickas 1994:24). Wat nou voorkom, is dat daaglikse aktiwiteite as betekenisloos beleef word. Hiermee gaan saam ’n gevoel van sinloosheid; die wyse van bestaan het dor begin voel. Daar was geen waarde en doel in bestaan nie – dit het eenvoudig weggeval:

> Participation in a particular context of culture and history shapes the content and articulation of one’s subjectivity and the orientation of one’s personality. Through the internalization of the basic values of a spiritual culture one’s personality is constituted and an individual person comes to participate in a culture as a whole, to act as a responsible agent in history and to relate his destiny to the culture and history of his or her nation. This kind of integration into a culture is the main condition for the meaningfulness of one’s life. Under the influence of all permeating ideological patterns and the pressure of a bureaucratic system of education, however, most people cannot internalize the values of a culture or develop an authentic personal value system which serves one’s life orientation and shapes one’s quest for a meaningful life. (Kuzmickas 1994:25)

Dit sluit baie goed aan by wat McClean oor identiteit aan die begin gesê het. ’n Aantal akademici (Vichas,ea:) van Litouse en VSA universiteite het die ekonomiese situasie van Litoue bekyk, maar ook daarin enkele ander sake aangedui :

> The typical Lithuanian citizen only understands democracy and capitalism as passed along by older family members or close friends. During Soviet times, the focus was on survival and preservation of a culture. Personal relationships and bribery of Russians (usually with food, since the Russians were usually underfed) were the key. It was in the best interests of everyone

> to go along with the party line. There were great risks in 'rocking the boat' or speaking out on matters of concern. It was foolish to trust any outsider or openly embrace ideas that were not a part of Soviet socialism.

In hierdie Sowjetera is ervaar dat:

> a lack of free, constructive employment of a person's abilities makes life less meaningful or even deprives it of any personal value. One who is overburdened, wearied and exhausted by unfree, nonconstructive work, feels acutely the lack of an authentic employment of one's abilities or prospects for meaningful activity, for personal engagement in the pursuit of higher values and goals. Because of this a sense of meaninglessness of life, leading to social apathy and moral indifference became widespread (Ibid:25).

Andere wys op die gelykheid van almal in die Sowjetera. Daar was geen ongelykheid nie. Dit was egter 'n andersoortige gelykheid:

> A uniform society was created in which all were equally poor, equal in their misery, equal in the deprivation of happiness and security, equal in their small homes, equal in their small salaries, and, in the end, equal in their irresponsibility to their job and community. Communism created a pseudo-equality to equality in the lack of freedom for all. Of course, for a part of the populace this was a condition for being accepted, while it corresponded to a life and world style based on irresponsibility and little and no effort (Karasimeonof :127).

Hoewel daar verskille is, is daar tog hier ook 'n analogie tussen Litouers en Afrikaners na die Tweede Vryheidsoorlog. Die verslane Boere het ook negatief gereageer op die Milnertaalbeleid en enkele kenmerke van dieselfde inoutentieke bestaan kom ook hier na vore, soos gesien kan word in talle gedigte en ander werke. Dit verklaar ook waarom Litouse volksmusiek tot en met die einde van die eerste onafhanklikheid sterk en deurlopend weemoedig is. Die effek van die nie-outentieke bestaanswyse kan gesien word by Litouers se eksistensiële belewenis daagliks, selfs nog enkele jare na die tweede onafhanklikheid :

> For many years, Lithuanians were not open to the outside world or to outsiders. This thinking is still somewhat present among the Lithuanian people. It is one thing to have freedom and another to feel free or act free. It would be easy to misinterpret an absence of smiling faces on the streets. Visitors to Lithuania should realize that this is not because the people are unhappy or discontent. The reason is that they have been conditioned to be suspicious of outsiders and new thinking. Smiling faces and an openness to new ideas will only come after some degree of trust has been established.

Dit is egter besig om te verander.

As bogenoemde nie-outentieke bestaanswyses geldig is, sou dit daarop neerkom dat die dimensie van eksistensiële betrokkenheid by menslike gevoeligheid tot kultuur afgesny kan word, dit wil sê wanneer jy jou kulturele erfenis geleidelik sou verwerp. McClean (1991:240) se filosofiese verstaan van so 'n losmaak situasie geld ook hier:

> to sever the next generation of its sense of meaning and value will be to produce a generation that would be, not merely alienated and empty, but manipulative, terrible and terrifying. Fortunately the fact that ethnic sensibility has increased with, and perhaps in response to modernization, suggests that in any case there is little chance for eventual disappearance of cultural consciousness. Certainly a different approach is needed.

Andersyds (teenoor die Sowjetbenadering) maan Leonida Donskis dat ’n oordrewe Westerse kommersialisering van die lewe nie werklik ’n alternatief tot die Sowjetstyl is nie. In aansluiting by Erich Fromm verwys hy na ’n mark georiënteerde sfeer waar kommersialisering diep ingaan in die kulturele lewe: “Economic and intellectual competition, risk and success, become the motive power of life as stipulated by the development of the open society itself; the artization, that is, theatricalization and visualization of political life follow” (Donskis 1994:81).

**AANBREEK VAN ’N NUWE ERA: ONAFHANKLIKE LITOUE IN 1990**

Glasnost (openheid) en perestroika (herstrukturering) skep ’n nuwe gees in Oos-Europa en ook in Litoue. Reeds kort voor die tweede onafhanklikheidsverklaring, en wel tydens die beleid van Gorbatsjof se *glasnost* en *perestroika*, het Litouers op een belangrike saak aangedring naamlik dat belangrike Litouse straatname wat verrussies was, weer verander word na hul oorspronklike Litouse name. As voorbeeld geld *Lenin Prospect* (Lenin straat) na *Gedimino Prospektas* (Gedimino straat) vir die hoofstraat in Vilnius. Diegene wat in die verlede voor Glasnost hierdie selfde eise gestel het, het óf verdwyn óf hul werk verloor (Venclova 1994:11). Dit is ’n herstel van name wat Litouse simbole is. Simbole het gehelp om die trauma van Sowjet kolonisasie te heel. Die analogie met Suid-Afrika is byna ooglopend. Dorp, stad en straatname is verander.[16] Dis feitlik uitsluitlik Afrikaanse en Zoeloe name en nie Engelse name nie – selfs name wat ’n duidelike koloniale konnotasie het soos Durban, Harrismith, Montagu en andere. Afrikaanses het sterk hierteen geprotesteer, terwyl Zoeloes in Mei 2007 selfs straatbetogings teen voornemende veranderinge in Durban gehou het.

Die moontlikheid tot onafhanklikheid is goed wakker gemaak deur die sterk Litouse nasionale gees. Dis egter ook die nuwe uitkyk en benadering van Gorbatsjof wat dinge moontlik gemaak het wat andersins nie sou kon plaasvind nie. Selfs ander politieke partye anders as die KPL, word toegelaat om te funksioneer. Litoue verklaar homself onafhanklik op 11 Maart 1990. Dis die eerste van die Sowjetrepublieke wat onafhanklike state geword het. Litoue het homself eers teen die Sowjetunie se wil onafhanklik verklaar, ten spyte daarvan dat ’n anti-kommunistiese Party koalisie, die *Sajudis*, die verkiesing oorweldigend gewen het en wel ten gunste van onafhanklikheid. Litouse, Lettiese en Estiese burgers het ’n menseketting van 500 kilometer gevorm wat hande vasgehou het vanaf Vilnius deur Riga (Letland) tot by Tallinn (Estland).

Die Sowjetunie het met ’n olieboikot gedreig, het Vilnius se TV toring met tenks omsingel en dood 14 burgerlikes. Na Westerse sterk veroordelings van die Sowjet optrede, gee die USSR onafhanklikheid aan Litoue op 6 September 1991. Die ander twee Baltiese state, Letland en Estland word in dieselfde tyd eweneens onafhanklik. Ysland was die eerste om Litoue te erken en Swede het die eerste ambassade in Vilnius geopen. Die VSA wat nooit die Sowjet besetting van die Baltiese state erken het nie, het Litoue se onafhanklikheid as ’n voortsetting van die Pre-Wêreldoorlog II onafhanklikheid gesien.

Na onafhanklikheid was daar heelwat ekonomiese probleme (inflasie en ’n verouderde infrastruktuur). Met die hier genoemde tweede onafhanklikheidsverklaring van Litoue, begin ’n kulturele herlewing loskom. Litoue het hard begin werk om kultureel weer “by te kom” en hul plek in die geskiedenis te herwin. Nou ontwikkel ’n radikale openheid tot die wêreld. Soos Suid-Afrika in die post-apartheid era word Litoue nou aan die buitewêreld en kulture blootgestel soos letterlik nooit tevore nie. By albei gebeur dit dat ook verafgeleë kulture en lande binne die gesigskring van sowel Litoue as Suid-Afrika kom. Die effense dis-analogie is dat die diskontinuïteit en kontak en blootstelling

[16] Die Sowjet Unie het wel dorps- en stadsname in nuut beheerde gebiede verander, byvoorbeeld in Kalinin Oblast (vroeëre Oos-Pruise) het Konigsberg (Kant se geboorteplek) Kaliningrad geword. Tog is geen dorps- of stadsname in die drie Baltiese state verander nie.

na buite by Litoue veel radikaler en drastieser was as Suid-Afrika. Litoue moes Westerse waardes nie soseer ontdek of byvoeg nie, maar herontdek en opnuut artikuleer tesame met waardes wat gewortel is in hul Litouse bestaan (Donskis 1994:3). Litouers begin ywerig om bestaande diskontinuïteite en gapings te vul. Hierdie keer met groter sukses. Litous word die enigste amptelike taal. Dieselfde geld die Lette in Letland. Hier was die situasie tog effens anders.[17] Die Litouse taal bloei en floreer nou in koerante, televisie, radio, literatuur, skole en universiteite. Litous het nou net soos Afrikaans ’n dinamiese akademiese taal geword. Wat veral opvallend is, is dat Litouers die hele pad voor die tweede onafhanklikheid en veral daarna volgehou het met ’n rasioneel-beskaafde, en demokratiese wyse van sake te hanteer. Daar was iets van ’n natuurlike “kritiese denke” teenwoordig. Hiermee gaan saam die feit dat radikalisme en ekstremisme meestal afwesig was en is ten spyte van weerstand teen Sowjetbeheer. Litouers is oor die algemeen ook minder anti-Russies as die Lette. Sterk klem onder Litouers val op die filosofie van menseregte.

Kavolis (1994:152) bring bogenoemde siening ook na vore:

> All three Baltic states differ from other areas of the former Soviet Union and eastern Europe by the moderate or restrained manner in which they pursued their political goals of national independence. Blood does not flow in political transactions; there is considerable attentiveness [veral in Letland] to minority groups; the selected political leaders tend to be moderates; fundamentalist political groupings tend to be unpopular and there are still highly visible anti-semitic themes as there are in Russia, Poland or Hungary.

In Litoue is hierdie gematigdheid nie soseer gebaseer op ’n liberale politieke tradisie van die Weste nie, maar dis iets van sy eie, iets anders wat waarskynlik uit die onderbewuste van die Litouse gees, ja, uit die tyd van die Litouse Ryk voortkom. Tewens Kavolis verwys ook eksplisiet na ’n “heroïese” self-persepsie wat gebaseer is op die Litouse Ryk van eeue terug. Weereens sou mens kon vra: is daar nie dalk regtig so iets werksaam soos ’n Jungiaanse kollektiewe bewussyn wat van tyd tot tyd deurslaan nie? In die ander twee Baltiese state, kan die gematigde benadering toegeskryf word aan ander kulturele en demografiese faktore: “The second Lituanian revival reveals a more theatrical or ritualistic cast of mind than the corresponding processes in Latvia or Estonia” (Kavolis 1994:153). Hier kan ook iets van ’n parallel met die ZAR in Suid-Afrika gesien word. Die ZAR was wel nie ’n veelparty demokrasie nie, maar beantwoord aan baie belangrike vereistes van die Westerse demokrasie. Vryheid van spraak is een voorbeeld. Dit is nie ’n nabootsing van die Amerikaanse of Franse model nie. Hierdie demokratiese gees wat in albei Boererepublieke geleef het, is baie soos die bogenoemde in Litoue – iets van sy eie.

## NUWE SELF ONTDEKKING: NASIONALE EN INTERNASIONALE WAARDES

’n Nuwe kulturele herlewing vind plaas met en na die tweede onafhanklikheid. Op meer as een manier is daar ’n terugkeer na die geskiedenis, wat soos reeds vroeër beskryf ’n noodsaaklike voorwaarde is vir eie identiteit en nuwe nasiebou. Vytautas Landsbergis, die eerste nuwe president van ’n onafhanklike Litoue, is die opvolger van Basanavicius en Saukautas. “Only in Lithuania could there have been a leader who simultaneously would be described in the German press as a *priesterlicher* Präsident and strike some American observers of his TV interviews as Peter Sellers in the *The Mouse That Roared:* a man of obviously greatly condensed symbolism” (Kavolis 1994:152). Mens sou kon redeneer dis onvanpas, maar by Litouers (volgens Kavolis) slaan daar hier en daar iets deur van ’n


---

17 In Letland is daar ’n Russiese bevolking wat omtrent net so groot is as die Lettiese bevolking. Hierdie Russe is kragtens Letlandse wetgewing verplig om Letties aan te leer. Indien nie, is hul hul stemreg kwyt.

neiging tot melodramatiese pessimisme. By sowel Afrikaanses as andere tref ons vandag iets vergelykbaar of soortgelyks aan – 'n gevoel van défaitisme en negativisme. In Litoue is dit gestileer deur die verlede van Russiese en Sowjet oorheersing.

Tog: by sowel Litouers en Afrikaanses is daar 'n besef dat défaitisme en negativisme nie die norm kan word nie. Die ywer waarmee Litouers vandag aan die werk spring in talle lewensareas toon dat 'n groter optimisme begin deurslaan, veral omdat hul die effek ervaar van hulle eie nuwe pogings tot nasiebou, dat dinge bereik word. Hul ervaar die nuutheid van 'n magdom nuwe invloede wat van buite inkom op talle terreine – iets wat vroeër afwesig was. Die aansluiting by die Europese Unie is nog so 'n voorbeeld. In Suid-Afrika kan ander kulture nie vir Afrikaanses kies om nie negativisties te wees nie. Volgens hierdie negativisme is alles altyd donker met geen lig in die tonnel nie, onredbaar, en suksesse kan en mag nie bestaan nie. Hul voel hul moet negatief en bekommerd wees – en as hul nie negatief is nie, is hul negatief daaroor. Hieruit volg natuurlik nie dat alles en nog wat moet gebeur, goed gepraat word nie. Dit sou ook nie deel wees van 'n beredeneerde en kritiese denke nie.

In Litoue in die ywer om vorentoe te beweeg uit die ou situasie, het sommige filosowe en digters gemeen dat die verwesterste Japannese model goed gaan werk in Litoue. Dis die radikale openheid na ander kulture waarna verwys is. Dit is 'n nie-negatiewe manier om vorentoe te kyk. Ander Litouers dink vandag weer aan groter federale gebiedsvorming van Litoue, Letland en Wit Rusland. Is dit nie dalk ook iets van die Litouse Ryk met sy talle kulture wat weer deurslaan vanuit die onbewuste nie? Federale denke kom ook vandag voor onder Afrikaanses. Soos Litouers het Afrikaanses hul ook bemagtig om op 'n nuwe manier 'n rol in die nuwe Suid-Afrika te speel. Afrikaanses bemagtig hul steeds deur in denke en andersins weg te beweeg van die tyd van intoleransie (apartheid era) waar menseregte selfs as "sonde" beskou is. Afrikaners het in die afgelope 13 jaar verder wegbeweeg van geslote wit eksklusiwiteit en stereotipes. Dit gebeur sonder dat kulturele identiteit of die verbondenheid daaraan, onbelangrik word. Soos die Litouers, behoort en kan Afrikaanses en tewens alle Afrikaanses, hul nie losmaak van hul geskiedenis waarin daar veel goed en mooi opgesluit is nie. Dit kan egter nie 'n terugkeer wees op watter manier ook al na die geskiedenis van intoleransie nie. Andersyds moet mense van alle kulture besef dat menseregte 'n universele waarde verteenwoordig, en dat dit reg bestuur moet word, anders word dit eensydig en ondermynend ten opsigte van kulture.



**Figuur 13:** *Integrasie van die argaïese (die wit Vytis kruis) met die kontemporêre: skild op hedendaagse Litouse straler vegvliegtuie (Uit Wikipedia, Vrye Ensiklopedie)*

Soos Litouers, dink ek dat Afrikaanses kreatief met nuwe denke oor baie sake verre horisonne nie net kan verken nie, maar ook kan benut. Sulke kreatiwiteit behels om steeds vervul te wees met liefde vir Afrikaans en Afrikaanse kultuur, maar ook om te soek na nuwe maniere om Afrikaans te wees, en wel tesame met ander kulture as Afrikaanses wat as ’n verskeidenheid ’n rykdom, bate en nie noodwendig ’n las verteenwoordig nie. Sou daar in Suid-Afrika in die rigting beweeg word van eentaligheid, sal eentaligheid nie net ’n verskraling en verarming meebring nie, maar sal dit teenproduktief wees vir die nasionale Suid-Afrikaanse dinamika op talle lewensgebiede. Hier bly die Litouse Ryk ’n betekenisvolle riglyn. Aan die ander kant, wie egter nie hul eie tale tans wil bevorder nie, kan nie daartoe gedwing word nie.

Die analogie van Suid-Afrika, soos reeds aangedui, stem sterk ooreen met dié van die Litouse Ryk selfs al kan ’n enerse situasie as die Ryk nie hier net so oorgedra word nie. Tye en omstandighede is anders. Daar is talle disanalogieë. Litoue het dit grootliks reggekry om op ’n nuwe manier vandag eie identiteit te realiseer, nie juis tydens en na die eerste onafhanklikheidsverklaring nie, maar na die tweede verklaring. Die argaïese taal Litous en argaïese Litouers, het maniere gevind om nuut Litous en Litouers te wees in ’n kontemporêre wêreld wat radikaal anders is as dekades en eeue terug. Litous het op dié manier ’n dinamiese taal in die kommunikasiemedia, staatsdiens, skole en universiteite van Litoue geword. So vind ons tans by die Litouse Lugdiens, in hoogs moderne passasierstralers, dat Litous weerklink. Omtrent 70% van Litouse matriekleerlinge gaan na matriek na universiteite en kolleges. Om vandag in Vilnius by ’n antieke fort uit die 10de eeu te staan, maar terselfdertyd hedendaagse Litouse vegvliegtuie in die lug te hoor, is inderdaad ’n besondere belewenis van die argaïese en kontemporêre wat byeenkom! Volgens Grudziené[18] het Litoue inderdaad nie net ’n goeie lugmag nie, maar ’n moderne weermag in geheel; Litouse militêre eenhede doen vandag diens saam met NAVO magte in Afghanistan te Ghor. Verder kan mens noem dat Litouse eenhede ook in Irak is en ook diens gedoen het in Kosovo en Bosnië. Hierby kan gemeld word dat die Litouse Lugmag hedendaags gebruik maak van die Albatros L-39CL en Albatros 392A straler vegvliegtuie. Hierbenewens het Litoue vandag ook ’n redelik sterk vloot asook ’n leërmag van 11,600 lede.

Ons het gesien hoedat nasionale kulturele waardes belangrik is in nasiebou en die verband wat kultuur het met sinvolle bestaan al dan nie. Belangrik is egter dat dit alles by die Litouse Ryk asook baie later by die tweede onafhanklikheid saamgaan met ’n “eie” besef van sowel gematigdheid as die geldigheid van internasionale waardes. Hieronder tel die waarde van die mensdom. Dit vergelyk goed met die latere filosofie van Alexander die Grote wat ’n filosofie ontwikkel het omtrent die eenheid van die mensdom en ’n wêreldfederasie van state. So ’n filosofie, dink ek, kan ons hedendaags as ’n riglyn gebruik in ons werk aan komplementariteit teenoor konflik wat betref die verhoudinge tussen kulture.

> This must search out implications for the development of conditions which promote a realization and expression of cultural values in a way that is harmonious and complementary to those of others with whom we live….Complexity and pluriformity must be acknowledged as a basic feature of the reality we experience and share as a common humanity. It aims rather to be sensitive to values and aspirations, insightful regarding structures and conflicts, provocative of new paths and catalytic for creative action. (Kromkofski 1991: 7,8)

In Suid-Afrika gaan dit soos in die Litouse Ryk beteken dat eie kulture nooit onder waardeer gaan en moet word nie, maar moet kan bloei. Terselfdertyd meer nog as in die Litouse ryk, geld die werklikheid

[18] Die feit van die Litouse militêre teenwoordigheid in Afghanistan is my meegedeel deur Estela Gruzdiené tydens ’n gesprek met haar. Gruzdiené is dosent aan die Militêre Akademie van Vytautas Magnus Universiteit in Kaunas, Littoue.

van ’n wêreld oriëntasie en internasionale waardes wat nie teenstrydig hoef te wees of ’n bedreiging hoef te wees van spesifieke kulturele waardes nie. Afrikaanses sal hul eie staanplek steeds beding, maar dit in samehang met ander inheemse kulture se belange doen. Maar ook in samehang met ander kulture verder weg in die wêreld, wat vanweë die “global village” soveel nader gekom het. Dis nie net ander kulture naas dié van Afrikaans of Litous in elk se onderskeie lande nie maar dit gaan ook verder, naamlik die kulture van die wêreld. Nie net nasionale waardes nie, maar ook internasionale waardes is relevant en normatief vandag. Een so ’n waarde is menslike waardigheid en menseregte. Daarom word aandag aan state soos Myanmar en Noord-Korea vandag nie meer gesien as blote inmenging in binnelandse sake nie, want dit raak almal – menswees is universeel. Insgelyks kan geen staat roekeloos omgewing soos woude verwoes en kweekhuisgasse onbeteueld vermeerder sonder dat dit internasionale waardes gaan raak nie. By sowel Litouers as Afrikaanses en ander Suid-Afrikaners is toenemend internasionale waardes laat geld te midde van die nasionale waardes. Albei se deelname aan internasionale wetenskaplike, tegnologiese, kuns, regs en andere kongresse en konferensies en die toepassing daarvan, is ’n manifestasie daarvan. As voorbeelde geld Litoue se deelname in Afghanistan en Suid-Afrika se deelname in die DRK en Soedan. By nie een van die twee gaan dit oor imperiale motiewe nie, maar internasionale waardes. Die analogie van transformasie wat hierdie waardes betref, is by sowel Afrikaanses as Litouers duidelik. Albei pas dit vir die eerste keer toe en elk op sy eie gesitueerde manier.

Die effek van bogenoemde transformasie kan gesien word by Litouse denkers se hedendaagse sieninge. Hul wil in die nuwe era van onafhanklikheid, ook universele menslike waardes te midde van die spesifieke kultuurwaardes raaksien en laat geld. Om dié rede heg hul groot waarde aan Pfaff se besoek aan Delphi in Griekeland. Dit is selfs as ’n normatiewe ervaring beleef: op ’n besondere manier is ervaar dat nie net kulturele verskeidenheid werklikheid is nie, maar ook die universeel menslike :

> A visit to Delphi, in Greece, is a sobering experience.The statues and images from the Archaic periods, before the 6th century B.C., wear stylized, idealized, half smiles, seductive but undifferentiated. In the classical period the faces became increasingly individual, self conscious; they became moral persons. They offer the shock of recognizing an individual across 25 centuries. They speak as well. There are the classical texts, which we have, but at Delphi itself, incised at the entrance to the temple of Apollo, were two very modern injunctions: ‘Know thyself ,’and ‘Nothing in excess’, but it seems undeniable that we still live in a continuity of intelligence and moral responsibility that begin with Greek rationalism. To cut ourselves off from this means cutting ourselves off not only from a usable past but from our essential quality as a society. The possibility that this could actually happen is what is most troubling about the whole affair of the universities. (Pfaff in Kromkofski 1991:10)

Met en sedert Sokrates, het kritiese denke saam met die wetenskap ook iets universeel menslik geword. Die toeëiening hiervan in Afrika is nog steeds ’n baie belangrike vereiste. Die Afrikafilosoof, Kwasi Wiredi, voorheen van Ghana, asook Yoweri Museweni van Uganda stel dit as hoë prioriteit vir Afrika en die oplossing van talle probleme eie aan Afrika noord van die Limpopo.

Litoue het met hul besondere transformasie na onafhanklikheid, daarin geslaag om op kreatiewe maniere universele waardes in Litoue te artikuleer, maar met in agneming van hul nuut ontginde eie kulturele werklikheid. In ons wêreld kry ons toenemend die klem op al twee as ewe belangrik, kulturele verbintenisse en globale verbintenisse. Paul Peachy (1991) oordryf nie as hy sê “Not only are diverse cultures and peoples meeting, but one can also speak realistically of an emerging global civilization”. Om enersyds jou kulturele erfenis te verloor, sou neerkom op die verlies van die diepte van menslike gewaarwordings – ’n geestelike tipe van “mental lobotomy” (McClean in Peachy 1991:13).

Dit is die mikrokosmiese konteks teenoor die meer globale makrokosmiese: “Microcosms ,however, are not self sufficient; whether for sustenance or security, the macro order is mandatory” (Peachy 1991:13). Ook McClean (1991:30) meen tereg dat waardes nie statiese Platoniese idees is, wat afgesonderd is van die konkrete lewe nie; dit wat reg en goed is, bestaan nie abstrak nie, maar wel in die konkrete wêreld. Kulturele identiteit verhinder nie kruis kulturele openheid of wedersydse verstaan en begaandheid nie. Maar wanneer hierdie erfenis soos ons dit vir eeue heen by omtrent alle kulture en volke teëkom, sou ontaard tot ’n tendens vir eksklusivisme, begin daar ’n tipe geestelike verarming, ’n verstarring van die bewussyn intree. Kultuur moet eerder ’n brug as hindernis wees. “This summons us to a ‘less exclusivist sense of culture,’ to the use of any particular culture as ‘more bridge than barrier(s)’ (Peachy 1991:13). Hierby voeg McClean (1991:30) :

> Are not fundamentalism, intellectual Balkanization, ethnic or communal strife, and even genocide the predictable – even the experienced – results of the intensification of ethnic consciousness? Is it not then time to turn away from those roads, and to accept the homogenization of life implicit in its modernizing rationalization, not merely as the price of progress, but as the means of social peace?

Dit is dus nie net ’n geval van internasionale waardes plus nasionale waardes nie, maar nasionale (veral kulturele) waardes is selfs ’n goeie voorwaarde vir en moontlikheid tot die internasionale in die sin van ’n brug. Anders gesê, ’n sinvolle samehang van diskontinuïteit en kontinuïteit is merkbaar aangesien Litoue vandag diplomatieke sendings in 60 lande het. Litoue kon dus as gevolg van hul ervaring van demokrasie en die verdraagsaamheid na buite beweeg. As gevolg van hierdie ervaring oefen Litoue vandag druk uit op die enigsins outoritêre regime van Wit-Rusland om polities en ekonomies te hervorm. Tydens die 2004 verkiesingskrisis in Oekraïne, waar ’n skaakmat situasie bereik is, was dit hoofsaaklik president Adankus van Litoue wat ’n vreedsame oplossing aldaar bewerkstellig het. Litoue speel ’n belangrike rol om demokrasie te bevorder in die hele area waar die Ryk geografies voorheen was. Sou dit nie ’n parallel met Suid-Afrika (wat ook nuwe ervaring van demokratisering het) wees wat demokrasie in die DRK en Soedan help bevorder nie? Is daar inderdaad druk op Zimbabwe om te hervorm ?

Die samehang sou mens kon sien in die gedagte van ’n horison en binne die horison vanaf die gesigspunt van jou eie kulturele tradisie – die feit dat ons gebore word en grootword in ’n familie, buurt, omgewing, en kulturele groep wat alles bydra om ons visie te vorm, is elk se vertrekpunt. Anders gesê: ons rede en denke is gesitueerde denke. McClean (1991:30) sit dit filosofies so uiteen:

> However, an horizon is not a barrier or separation, for it consists of what has been discovered in the past about the goals and meaning of human life and action, as well as a sense of the time in which I stand and of the life project in which I am engaged. It is a fertile ground filled with experience, custom and tradition as this comes into the present and, through the present, passes into the future.... It is then more bridge than barrier , more opportunity than opposition.

Ons moet ons eindigheid raaksien deur kennis te dra van hulle wat duidelik van ons verskil of anders is, hetsy as ander etniese groepe hetsy as ander kulture wat op ’n manier met ons eie tussenvervleg is. Dit is ’n hermeneutiese openheid waar die gesprek met die ander terselfdertyd ’n gesprek met jouself word in die lig van die ander. Gadamer sou dit horisonversmelting genoem het. McClean (1991:31,232) sien hierin veel filosofiese diepte:

> Such openness is directed primarily, not to others as persons who are to be surveyed objectively or obeyed unquestionably, but to ourselves. It opens our horizons, extends our ability to listen

> to others, and assimilates the implications of their answers for changes in our own positions. In other words, it is an acknowledgement that our cultural heritage has something new to say to us. The characteristic hermeneutic attitude of effective historical consciousness is then not methodological sureness, but openness or readiness for experience. For those who adopt this stance, their cultural heritage is not closed, but the basis of a life that is ever new, more inclusive and more rich.

Om hierdie komplementariteit te leef is nie ’n hopelose onderneming nie. McClean (1991:240) meen dat in tye waar dit druk gaan, dit juis ’n toename in samewerking tussen mense is wat geweldige voorrade van menslike ervaring kan ontsluit vir ons lewens en om die goeie te deel; die positiewe deug van verdraagsaamheid is ons ware basis vir hoop; ware openheid tot die andere kan nie gebaseer wees op ’n devaluering van jouself nie, van ’n mens se eie kultuur nie; sonder die waardering van jou eie waarde is daar niks om te deel nie en geen manier om van hulp te wees nie, selfs nie eers die moontlikheid om vreugde te put uit die goeie van die ander nie; uitwisseling tussen kulture stel mense in staat om te kan raaksien dat die elemente in ’n mens se lewe, wat in ’n konteks van kulturele isolasie lyk na blote lokale gewoontes en bloot herhalend van aard is, in werklikheid eintlik meer fundamentele modi is, waarin mens basiese waardes leef; ja, deur ander kulture te ontmoet, ontdek mens dieper betekenis in die lewe van elke dag.

## TEN SLOTTE

Ten opsigte hiervan sou mens kon meld dat die godsdienstige verdraagsaamheid wat eie was aan die Litouse Ryk, des te meer nog in Suid-Afrika geldig behoort te wees. Soos in die Litouse Ryk is hier nie net variasies van een godsdiens nie, maar variasies van talle ander godsdienste. Nie net die erkenning van godsdiensvryheid in die Grondwet is belangrik nie, maar ook dat mense van hierdie godsdienste begryp dat hul as individue nie verhinder word om deel te neem aan sake soos ekonomie, politiek, omgewing en talle ander nie. Dit alles kan dan soos in Nederland na Wêreldoorlog II, lei tot veel groter begrip en wedersydse respek vir mekaar. Hierdie respek beteken nie dat eie sieninge en oortuigings onder verpligting is om te amalgameer of as eie identiteit prysgegee hoef te word nie. Dan sou daar ook nie veel van toleransie sprake kan wees nie. Soos in die Litouse Ryk sal die respek en wedersydse aanvaarding van mekaar, ’n verantwoordelike wyse van bestaan wees. Ons het telkens gesien hoe dit beslag gekry het in ’n federatiewe staatstelsel. Hoewel dit nie dieselfde was en kan wees as moderne federasies nie, is die gedagte van relatiewe outonomie eie aan die Litouse Ryk. Hier is ook ’n mate van analogie met hedendaagse Suid-Afrika duidelik. Sedert 1910 tot 1994 was Suid-Afrika ’n unitêre staat met provinsies. Provinsies is nie federale state soos in die VSA nie. Suid-Afrika het ook nie provinsies nie, maar is state met ministers en premiers. Hul is relatief onafhanklik, maar dit lyk tog of daar ook ’n element van unitêre regering ingebou is deurdat die sentrale regering kan ingryp in die state se regering en veral uitvoerende mag. Dit kan byvoorbeeld funksies oorneem of ministers vervang. Sou Suid-Afrika nog neer na ’n unitêre stelsel beweeg, sou dit al hoe meer ’n disanalogie tot die Litouse Ryk konstitueer.

By albei (Afrikaanses en Litouse) kante van die analogie, het die vraag opgekom of die glybaan argument (*slippery slope argument*) ook bekend as die *domino argument* nie hieruit gededuseer kan word nie. Hier kan heelwat ten opsigte van albei kulture geleer word. Tewens, ook enige ander kultuur kan uit die analogie studie leer. William Reichel, Arhur Dycke en die filosoof David Lamb heg veel waarde aan die glybaan argument en meen dat dit geldig is (Burgess 1993:170). Die argument as sodanig kom daarop neer dat as ’n sekere negatiewe verandering plaasvind of ingestel sou word, dan volg ’n stap vir stap verdere agteruitgang wat uiteindelik op iets katastrofies sou uitloop. Die domino effek sou hier kon wees die algehele ondergang van die Litouse of Afrikaanse taal en kultuur.

Kan so ’n effek nie juis in die toekoms voorkom as daar voor dit by al twee kulture vasgestel kan word dat die bevolking weinig erg het aan elk se tale nie? Sou dit gebeur, en ons het gesien dit het by sowel Afrikaners as Litouers wel in die verlede gebeur naamlik, dat elk se taal en kultuur agteruitgegaan en verswak het ten gunste van ’n sterker en groter dominante kultuur. In die geval van die Litouers was dit die Poolse kultuur en in die geval van Afrikaners, die Brits-Engelse kultuur. Indien die glybaan argument te alle tye en omstandighede geldig is, dan moes die Litouse en Afrikaner kulture by meer as een geleentheid ’n katastrofe ten gevolge gehad het. Dit het nie gebeur nie. Dit kán egter wel gebeur en dit het ook by ander kulture gebeur. ’n Agteruitgang in kultuur kan soos domino blokkies stuksgewyse lei tot ’n katastrofe. By antieke Pruise moes dit waarskynlik gebeur het. Presiese inligting en detail omtrent hulle is baie onbekend. Mens weet nie of die wetenskap van die geskiedenis in die toekoms met navorsing hier moontlik met nuwe insigte en kennis na vore sal kom nie.

Die glybaan argument kan nie tot ’n sekere gevolgtrekking kom indien formulerings te onafgewerk en sonder samehang is en waar detail ontbreek nie. Daar is goeie en slegte glybaan argumente (Burgess 1993:169). ’n Goeie glybaan argument kom voor wanneer die aansprake beskeie is: dit toon dat iets definitief goeds bereik sou kon word of dat iets slegs vermy sou kon word. Dit is ook gedetailleerd – dis nie ’n blote vae heenwysing op die moontlike bestaan van ’n mag wat betrokkenes afdryf teen ’n helling (*slope*) nie. Genoeg detail moet dus voorsien word om aan te toon dat een of ander krag aan die werk is wat uiteindelik tot ’n katastrofe sal lei en wel as ’n sekere handelswyse of gang van sake sou voortgaan; beskeie glybaan argumente voorsien gewoonlik meer detail vir so ’n evaluasie. Om ’n katastrofe te kan voorsien, vereis inderdaad gedetailleerde en subtiele substansiasie (Ibid:170). Goeie en sterk voorbeelde uit die geskiedenis sou goeie premisses verskaf. Het ons genoeg insig in die voorwaardes en oorsake van kultuur agteruitgang? Burgess wys ook op die feit dat vae kriteria baie ver gerek kan word, sover dat dit naderhand op gevalle van toepassing word wat oorspronklik nie eers meer die bedoeling was nie: “But the sloppy presentation of slope arguments obscures rather than illuminates these important processes” (Ibid). Anders gesê, die argument word so wyd dat dit nóg kant nóg wal raak. Burgess is krities oor Lamb se ondersteuning van die glybaan argument :

> Although Lamb, for example, presents dozens of examples in which a small initial change in our practices purportedly might lead gradually to disaster, no examples are represented in which a small initial change in our practices might lead gradually to a moral utopia, or at least to a vastly morally superior world. Yet *any* possible moral state of the world can be reached from *any* other such steps through a long enough series of gradual steps, just as any musical pitch can be reached from any other through a sufficiently long *glissando*. I have never seen a proponent of the Great Argument[19] provide an adequate explanation for favoring this curiously limited instrument (1993:172,173).

Die glybaan argument is volgens hom (Ibid) dikwels die uitkoms van irrasionele vrees.

Hierbenewens sou bygevoeg kon word dat ’n te vinnige toepassing van die glybaan argument iets kenmerkend van menswees filosofies sou misken. Enersyds is dit so dat in wetenskapsfilosofie daar by die mens, ongeag die kultuur, hetsy Litous hetsy Afrikaans, soveel meer veranderlikes is wat onder beheer gebring sou moet word, dat ’n sinvolle gevolgtrekking of voorspelling moeilik moontlik sou wees. Anders gesê, daar is anders as by ’n chemiese reaksie ’n veel meer komplekse patroon van veranderlikes. Andersyds is daar filosofies antropologies gesproke naas veranderlikes, maar te midde van hulle, die kwessie van vryheid van wil. Daar mag duidelike antesedente teenwoordig wees in die geskiedenis van kulture; hul mag selfs ook grootliks ooreenstem met ’n soortgelyke situasie vroeër

19 “*The great argument*” verwys na die glybaan of domino argument.

in die geskiedenis; maar sulke antesedente gaan nie geld as 'n noodwendige voorwaarde (kousaal) vir 'n sekere konsekwensie (sê maar ondergang ) nie. Sekere antesedente kan mense noop om 'n sekere handelswyse te volg, maar waar vryheid van wil geld, gaan dit nie noodwendig volg nie. Dit kan, maar dit hoef nie. 'n Mens sou dus nie vanaf 'n sekere stel antesedente 'n rigiede algoritmiese prosedure tot by 'n onvermydelike gevolgtrekking kan volg nie.

Gegee die konteks van vergelyking tussen Litouers en Afrikaners/Afrikaanses, naamlik dat albei relatief kleiner kulture is (enkele paar miljoen) en albei in 'n situasie bestaan waar ander kulture en soms dominante kulture, dieselfde staat deel, dan kan mens wel die gevolgtrekking aflei, dat a) die agteruittree en verswakking by tye van die Litouse taal en kultuur, nie gelei het tot 'n katastrofiese einde soos by die Pruise nie. Inteendeel, die Litouse kultuur het teenoor negatiewe omstandighede, begin om te floreer en 'n dinamiese volksbestaan in talle lewensterreine moontlik gemaak. b) Dieselfde sou van die Afrikanerkultuur afgelei kon word. Afrikaanses sou veel kon leer uit die Litouse ervaring, omdat Litoue en Litouers baie eeue meer bestaan as die Afrikaanse kultuur. Daar sou meer geleentheid vir verdwyning wees, c) Die teenwoordigheid van dominante kulture hoef nie noodwendig algoritmies te lei tot verdwyning nie d) analogieë is 'n baie waardevolle hulpmiddel in die interpretasie en verstaan van kultuur en geskiedenis.

## BIBLIOGRAFIE


Beissinger, MR. 2005. Rethinking empire in the wake of Soviet collapse. In Barany, Z. & Moser, R. (eds). *Ethnic politics and Post-Communism: Theories and practice.* Ithaca, NY: Cornell University Press.

Burgess, JA. 1993. The great slippery-slope argument. *Journal of medical ethics,* 19.

Dobrynin, A. & Kuzmickas, B. 1994: *Personal freedom and national resurgence –Lithuanian philosophical studies.* Washington: The council for research in values and philosophy.

Donskis, L. 1994. Lithuania at the end of the twentieth century: The creation of an open society and culture in Rowell (1994).

Donskis, L. 1994. Ethnocultural fundamentalism in post-totalitarian society: methodology, ideology and self-fulfilling prophecy in Rowell (1994).

Kavolis, V. 1994. The second Lithuanian revival: culture as performance in Rowell (1994).

Kromkowski, J. 1991. The development of ethical consciouness in the United States in McClean & Kromkowski (1991).

Kuzmickas, B. 1994. The person, society and the state in Rowell (1994).

McLean, F. 1991. Meeting of cultures: Meeting of peoples in McClean & Kromkowski (1991).

McLean, F. 1991. Self-knowledge, Self identity and cooperation between peoples in McClean & Kromkowski (1991).

McClean, F. & Kromkowski, J. (eds).1991. *Relations between cultures.* Washington: The council for reseach and values and philosophy.

Peachy, P. 1991. Community: the conceptual confusion in McClean & Kromkowski (1991).

Rowell, SC. 1994. *Lithuania Ascending. A Pagan Empire within East-Central Europe,1295-1345.* Vierde reeks: Cambridge Studies in Medieval Life and Thought, No 25. Cambridge: Cambridge University Press.

Shtromas, A. 1988. Jonas Zinkus (ed) Lithuania: an encyclopedic survey, *Litaunus:Lithuanian Quarterly of Arts and Sciences.* Vol 34, No 4.

Uys, I. 2007. *Pharos. Feitegids.'n Kernensiklopedie*. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.

Venclovas, T. 1994. The heirs of Gediminas in McClean & Kromkowski (1991).

Vichas, R., Klimaviciene, A., Crawford, G. & Klein, HE. 2007. *Practical boundaries in the transition to capitalism: the case of Lithuaunia.* Internet: Lithuania opzsnevczysh.htm.


## KAARTE


Perry-Castaneda Map Collection, 2007, University of Texas Library, Online Files

The University Atlas, 1974,George Phillip & Son, Londen

Wêreld-Atlas vir Suid-Afrikaners, Jonathan Ball Uitgewers, Johannesburg.